



**Kategese:
Jeugfokus
boei digitaal.**
– Bl 4

**Entstof:
Wie besluit wie
kry en wie nie?**
– Bl 6



Gratis aanstuur-uitgawe vir grendeltyd



KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

29 Januarie 2021

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 206 – Nummer 1

Moderator op YouTube

'Ons aandag hoort nou by sorg, nie stryd'

REDAKSIE

Die NG Kerk wil nie terugkeer na 'n verlede van uitsluiting nie, maar wil ook nie te midde van 'n wêreldwye gesondheidspandemie, haar "oog van die bal haal" met debatte oor kwessies soos selfdegeslagverbintnisse nie.

Só het ds Nelis Janse van Rensburg in 'n soort informele Nuwejaarsboodskap gesê wat op 18 Januarie op YouTube gepubliseer en sedertien op van die kerk se sosiale mediablaai gedeel is.

"In hierdie tyd in ons land en geskiedenis is dit nou belangrik dat ons ons fokus plaas op die eerste prioriteit," sê die moderator van die kerk se algemene sinode. "En die eerste prioriteit nou is dat ons mekaar versorg, dra en vashou. Die wêreld gaan deur 'n krisis wat hy nog nooit op hierdie skaal beleef het nie en nou is die tyd dat ons as kerk ons onverdeelde aandag gee aan die troos, versorging en dra van mekaar en van ander."



Dan voeg hy by na aan die einde van sy boodskap van sowat 16 minute: "Ons kan nie nou bekostig om met sydelingse stryde besig te wees en ons oog hier van die bal af te haal nie."

Janse van Rensburg staan nietemin in sy boodskap stil by sy standpunt oor "kerkeenheid" te midde van diep verskille in die kerk rondom

Skrifhantering en selfdegeslagverhoudings.

Hy maak die punt dat die kerk se eenheid in Christus geleë is. "Ons is nie soos 'n politieke party waar daar 'n klompie oortuigings is wat ons met mekaar deel en dan is ons 'n eenheid nie ...

Ons is een omdat ons geroep is deur God uit die wêreld uit."

Janse van Rensburg maan kykers: "Ons wil nooit weer 'n kerk wees wat mense sommer net by verstek uitsluit nie. Ons was daar. Ons was 'n kerk wat by verstek gesê het as jy wit is, is jy in, as jy swart is, kan jy ongelukkig nie deel wees van hierdie geloofsgemeenskap nie. En ons het later beseft dit is nie Bybels nie."



Geroep om vrede te bring
– bl 3

Die volgende Kerkbode verskyn op 12 Februarie 2021.

"Elke mens verdien om met menswaardigheid te sterf. En ek wil help om elke sterwende mens by te staan om reg te wees wanneer hulle by die Vaderhuis ingaan," vertel Shirley Coetzee van House of Mercy-hospies wat terminale mense in die Secunda-omgewing versorg. Coetzee help vir "Ouma" Rina Jonker stap terwyl Hester Oosthuizen sit en toekyk.
Foto: Illse Cooper

NG KERK KAAPSTAD**Voltydse medeleraarspos**

NG Kerk Kaapstad (Groote Kerk) wag aansoeke in vir 'n leraar wat in 'n span kan saamwerk om die kerkraad en gemeente te lei in die uitleef van ons visie:
As vredemakers volg ons Jesus Christus en omarm ons mekaar en ons stad met hulp, hoop en heling.

Persoonsprofiel:

'n Gelegitimeerde leraar of proponent met toepaslike ondervinding.
Die ideale kandidaat is 'n oop, liefdevolle en gasvrye mens, 'n mens-mens, 'n natuurmens.

- Iemand met 'n pastorale hart vir wie verhoudings en ondersteuning en versorging van mekaar deel is van hul menswees.
- Iemand wat saam treur oor verdeeldheid en vervreemding tussen mense.
- Iemand wat versoenend dink, handel en lei.
- Iemand wat ook graag broodbreek saam met andersdenkendes.
- Iemand saam met wie ons in verwondering kan staan oor die geheimenisse en misterie van God en die kosmos.
- Iemand wat die lig op Christus kan laat skyn in hul prediking en uitleg van die Skrif.

Posoms krywing:

Die uitvoer van die bediening van die amp van leraar, in navolging van Christus, en soos vervat in Artikel 9 van die Kerkorde met hoofsaaklik 'n fokus op die volgende:

- Begeleiding, versorging en uitbreiding van die gesinsbediening.
- Gesinsgeoriënteerde prediking en toerusting.
- Pastorale versorging en ondersteuning van lidmate.
- Neem verantwoordelikheid vir die organisering en funksionering van die jeug- en kinderbediening.
- Ander pligte soos met kollegas en kerkraad ooreengekom.

Vergoeding:

'n Vergoedingspakket volgens sinodale riglyne en huisvesting in die gemeente se pastorie.

Aansoeke:

Stuur asb 'n volledige CV en dekbrief wat aandui waarom u geroepe voel om hierdie taak op te neem.
Stuur aansoeke asseblief per e-pos: skriba@grootekerk.org.za
Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 31 Januarie 2021.

Navrae: Kan gerig word aan die skriba mnr Jaco de Villiers by 021 422 0569 of skriba@grootekerk.org.za

DRC MAUN, BOTSWANA**VACANT POSITION FOR MINISTER**

The Maun Congregation of the Dutch Reformed Church in Botswana requires the services of a MINISTER.

Maun congregation is a young and small congregation with 70 active members. The congregations grew tremendously over the last few years. The members stem from different denominations.

MINIMUM REQUIREMENTS:

The applicant must have the following minimum requirements:

- BA Degree, includes at least two years of Greek and Hebrew.
- BTh Degree at university training Dutch Reformed Church ministers

OR

- Lic Th Diploma – at a university training ministers for the Dutch Reformed Church
- Bilingual (Afrikaans and English)
- At least 10 years experience as minister of the Dutch Reformed Church.

Duties:

According to the Church Order of the Dutch Reformed Church Botswana:

- Preaching the word of God
- Administering the Sacraments
- Including prayer ministry as part of duties
- Leading church services
- Church teaching in co-operation with the elders and believers
- Exercising pastoral care, especially in terms of home visitation, together with the members of the Church Council
- Striving to expand the Kingdom of God
- Acting as chairman of the Church Council
- Managing, organising and governing the congregation along with the elders and deacons.

Applicants can submit their applications together with their CV for attention:
Fred Camphor, e-mail to drcmaun@gmail.com

Enquiries can be directed to: Ferry Loots (00267) 71 276 929 or Fred Camphor at (00267) 76 131 755

Closing date: 12 February 2021.

NG GEMEENTE POFADDER**VAKATURE: LERAARSPOS****Gemeenteprofiel:**

Pofadder is 'n klein plattelandse gemeente met 273 belydende en 88 dooplidmate. Ongeveer die helfte van die wyke is plaaswyke. 'n Huis vir bejaardes vorm deel van die gemeente.

Kandidate:

- Moet begrip hê vir die uitdagings van 'n klein plattelandse gemeente, waar die nodige hulpbronne nie altyd beskikbaar is nie.
- Oor bedieningsvaardighede beskik om met alle ouderdomsgroepe te kan werk.
- Energieke motiveerder wees.
- Goeie leierskap- en spanwerker sal tot u voordeel strek.
- Plaas- en huisbesoeke is 'n prioriteit.

Pligte:

Volgens Art 9 van die Kerkorde en soos ooreengekom. Die gemeente plaas 'n hoë premie op Skrifgetroue prediking en getroue huisbesoek en siekebesoek.

Vergoeding:

- Vergoedingspakket – maandelikse pakket en ure sal onderhandel word soos die Kerkorde dit bepaal.
- Pastorie met gratis krag en water word voorsien.
- 'n Bakkie word voorsien om reisverpligtinge na te kom.

Aansoeke:

Belangstellendes word uitgenooi om 'n volledige CV met hulle besonderhede, asook die name en kontakbesonderhede van twee referente te stuur aan:
Die Skriba by ngkpof@gmail.com

Navrae:

- Annas van der Merwe (Voorsitter van Diensverhoudinge) 084 833 0317.
- Madelène van der Merwe (Skriba) 082 715 8625.

Sluitingsdatum: 28 Februarie 2021.

NED GEREF KERK TADCASTER

Die kerkraad van NG Kerk Tadcaster wag in biddende afhanklikheid van die Here aansoeke in vir die onderstaande pos.

VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS**Gemeenteprofiel:**

Tadcaster is 'n klein boerderygemeenskap in die Vaalharts-kema, geleë 100 km noord van Kimberley, tussen Hartswater en Jan Kempdorp. Die gemeente bestaan hoofsaaklik uit besproeiingsboere en hul afhanklikes. Tot op hede het die gemeente nog nooit gesukkel om hul leraar volgens sinodale voorskrif te vergoed nie.
Die gemeente beskou dit as sy roeping om "Kanale van God se genade" teenoor alle mense te wees, soos wat die kanale van die skema, besproeiingswater na die plase bring. Die gemeente bestaan tans uit 141 belydende en 31 dooplidmate. Die gemiddelde ouderdom van lidmate is ongeveer 48 jaar.

Leraarsprofiel:

In aansluiting by ampspligte, soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, moet die leraar ...

- Entoesiasies wees oor Gereformeerde Skrifgetroue prediking.
- 'n Gelegitimeerde van die NG Kerk wees.
- Daarvan hou om in die platteland te werk, met mense van verskillende ouderdomme.
- Leiding kan neem en met die kerkraad en gemeente as span kan saamwerk.
- Entoesiasies wees oor die doen van huisbesoek en pastorale besoeke.
- Leiers kan oplei en motiveer om kleingroepe (wyke) te lei.
- 'n Positiewe lewensuitkyk hê.
- Rekenaartegnologie en ander digitale media in sy bediening kan gebruik.
- Verkieslik in die ouderdomsgroep tussen 30 en 50.

Vergoedingspakket:

- Volgens sinodale riglyne.
- Huisvesting in die vorm van 'n ruim pastorie op die kerkterrein.
('n Goeie privaatskool grens aan die kerkterrein.)

Aansoeke:

- 'n Vraelys, aangevra by die skriba, ngtadcaster@gmail.com, moet voltooi word, en saam met 'n CV teruggestuur word.
- 'n Kortlys van aansoekers sal genooi word vir persoonlike onderhoude in die week van 22-26 Februarie 2021.
- **Sluitingsdatum: 12 Februarie om 12:00.**
- **Diensaanvaarding:** Verkieslik voor of op 1 Mei 2021.

Navrae:

- Skriba: Mnr Pieter Nel, sel 082 798 5781.

Die kerkraad behou hom die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

'House of Mercy' bied halte vir sterwendes

Toe Shirley Coetzee twee jaar gelede die helfte van haar huis vir sterwendes oopgestel het, was dit grootliks vir een rede: Om te verseker dié mense se laaste dae op aarde is vol vrede, berig JACOBIE M HELENA.

Dis nou sowat twee jaar sedert Shirley Coetzee van Secunda die helfte van haar en haar man Deon se huis in Secunda ingerig het om weerlose siekes in die omgewing te versorg.

"Ek het 'n huis. Hoekom nie die helfte 'n hospies maak nie?" was 'n vraag wat by haar opgekom het na 'n uitreik saam met die kerk na straatmense.

"Ek het die nood van die kankerpatiënte in die gemeenskap gesien. Baie van die terminale kankerpatiënte in ons gemeenskap kan nie versorging tot hulle afsterwe bekostig nie. Ek het toe besluit om die helfte van ons huis as 'n versorgingseenheid vir kankerpatiënte, ou mense en ander terminaal siekes in te rig," verduidelik Shirley wat 'n betrokke diaken en werknemer van die NG gemeente Goedemoed in Secunda is.

Shirley bedryf nou sedert 2018 die hospies House of Mercy in samewerking met die NG gemeente Goedemoed, wat vir haar 'n salaris vir die be-

stuur van die hospies betaal.

Ds Anton Knoetze, predikant by die Goedemoed-gemeente, beskryf Shirley as 'n juweel. "Sy moet eintlik die predikant wees," vertel Knoetze. Hy verduidelik dat sy iets verstaan van hoe gelowiges vir mekaar moet lief wees en die nood in die samelewing moet raaksien.

Dié roeping om kankerpatiënte te versorg kom al van kleins af, vertel Shirley. "Ek het baie familie gehad wat aan kanker oorlede is en het van kleins af geleer hoe om spesifiek kankerpatiënte te versorg. Kanker is 'n snaakse siekte. Maar wat kanker wél vir pasiënte gee is 'n tweede kans, die geleentheid om jou siel reg te kry en met mense vrede te maak voor jy sterf," vertel Shirley.

Sedert die koronaviruspandemie en die inperkings wat daarmee saamgegaan het, was dit vir die pasiënte baie moeilik omdat hulle nie besoekers kon ontvang nie. Shirley vertel: "Dit was so moeilik, want hulle vergeet baie vinnig. Hulle voel verstoot en vra hoekom niemand vir hulle kom kuier nie, maar dan vergeet hulle binne 10 minute wat ek van die koronaviruspandemie verduidelik het en vra weer dieselfde vrae. Dan verduidelik ons maar weer," vertel sy. "Ons wil met House of Mercy die Here dien. Dat wanneer mense sterf hulle met vrede na die Vader kan gaan en weet it is well with my soul," vertel Shirley.



Shirley Coetzee (links) en Thembi Mabitsela skep kos vir die pasiënte van House of Mercy in. House of Mercy is 'n hospies wat, in samewerking met NG gemeente Goedemoed, weerlose siekes in die Secunda-omgewing versorg.

Sterfgevalle: 'Piet Kommunis' en Kerkbode-medewerker

Met die dood van ds Pieter de Wet (89) op 18 Januarie 2021, sak die kerklike gordyn en 'n eiesoortige hoofstuk word afgesluit in die NG Kerk, skryf GERDRIE VAN DER MERWE.

Skielik onthou ons met 'n glimlag hierdie interessante en legendariese mens, wie se seggingskrag en doen van dinge ons vandag met heimwee in herinnering roep. Ds "Piet Kommunis" verwerf hierdie titel, omdat hy van 1975 tot 1996 die Algemene Sinode van die NG Kerk se sekretaris vir sending onder kommuniste is. Hy het dit nie net doodgeleef nie, maar ook oorleef. Hy het diep spore getrap in die harte en lewens van leraars en kerkmense, 'n oujongkêrel wat altyd 'n welkome gas was in meer as een pastorie oor die hele Suid-Afrika. Ds Pieter was 'n belese heer met 'n skerp intellek en geheue, iemand wat in opregtheid geleef het en wie se menslikheid en droë humorsin groot vreugde en warmte gebring het in die soms starre en vervelige kerklike milieu. Hierdie kaalkop dominee, met sy soms verleë skalkse glimlag, het 'n dinamiese, menslike vonk gebring in meer as een konsistorie, kerklike vergaderings en ook vir die kerkvolk op voetsoolvlak.

Pieter Wouter de Wet is op 7 Junie 1931 gebore op Wolmaransstad. Hy is die oudste van drie kinders, die eens sieklike seuntjie van Hendrik en Nora de Wet, wat geboer het op die plaas Doornfontein in die distrik Ottosdal.

Hy word in die plaashuis gedoop deur ds SF Weich tydens huisbesoek, want almal was bang die seuntjie gaan ongedoop sterf. Die jong Pieter bly leef en word groot op Makwassie, waar hy in die begin van 1939 leerling word aan die Laerskool Makwassie en in 1948 matrikuleer aan die Hoërskool Wolmaransstad. Hy is Duxleerling van die skool en stel belang in seëls en is tot sy oudag toe 'n krante seëlsversamelaar. Hy voel geroepe vir die evangeliebediening en begin in 1949 studeer aan Tukkie, waar hy einde 1955 as proponent gelegitimeer word. Hy word sendeling in Noord-Nigerië (1956-1959) en Barberton (1959-1961), NG leraar van die gemeente Bremersdorp in Swaziland (1961-1965), die gemeente Lusaka in Midde-Afrika (1965-1971) en die gemeente Delporthoop (1971-1973). In 1973 word hy Algemene Sekretaris van die Sinode van Midde-Afrika en in 1975 betree hy die Algemene Sinode se pos vir Sending onder Kommuniste, met standplaas Pretoria, waar hy in 1996 emeriteer.

Ds Pieter de Wet het altyd met 'n tong in die kies gepraat van rysmiere wat hom pla, want hy was 'n wêreldreisiger wat verslaaf was aan reise buite die landsgrense. Hy het in sy leeftyd meer as 50 lande besoek, 'n pelgrim en kerklike pleitbesorger vir die evangelie van Jesus Christus oor die wêreld heen. Sy taalaanleg het deure oopgemaak vir die blye evangelie, hy was baie tale magtig en kon Russies lees en skryf. Hy was nooit getroud nie en het altyd gesê watter vrou sal by so 'n uithuisige man kan uithou?

Ds Pieter de Wet keer na sy aftrede in 1996 terug na Makwassie en omstreke, sy hartland. Met sy afsterwe is hy 'n inwoner van die ouetehuis op Wolmaransstad. Ons wat Pieter de Wet goed geken het, onthou sy gewoonte om na 'n klein hoesie altyd te sê: "Dit sal nie meer lank wees nie!". En tog was dit lank genoeg, want hy leef byna nege dekades lank, maar uiteindelik het sy lank kort geword toe hy op Maandagmiddag 18 Januarie 2021 sterf op Wolmaransstad. Dit is sy geboorte- en sterfplek, waar die sirkel vir hom voltooi is hemelwaarts! Sy vriend, prof Fanie Snyman, hou 'n herinneringsdiens op Vrydag 22 Januarie 2021 in die NG Kerk Makwassie, die gemeente waar Pieter belydenis van geloof afgelê het, waar hy georden is as bedienaar van die Goddelike Woord en waar sy moeder 35 jaar lank die Here gedien het as orrelis.

Kortliks

Ds Francois Preiss (55) sterf op 16 Desember 2020 in Brackenfell na 'n kort siekbed. Preiss was 'n gewaardeerde Kerkbode-medewerker.

Francois Johannes Preiss is op 13 September 1965 gebore in Pinelands. Sy ouers verhuis na Tiervlei en later na Goodwood, waar hy opgroeie en in 1983 matrikuleer aan die Hoërskool JG Meiring. Hy voel geroepe om predikant te word en studeer op Stellenbosch waar hy die grade BA en BTh verwerf. Einde 1989 word hy gelegitimeer en na sy diensplig werk hy tydelik op Fraserburg, Eendekuil en Heidekoppie. In 2018 breek 'n nuwe seisoen in sy lewe aan toe Francois Preiss betrokke raak in leierskapsopleiding by House of Learning. Hy word oorleef deur sy vader Alwyn Preiss (90) en suster Anita Vermeulen. – **Gerdrie van der Merwe VDM**

● Besoek www.kerkbode.co.za vir nog doodsberigte. Kliek op die In Memoriam-skakel in die navigasiekolom op die tuisblad.

Jeugfokus wil help met kategese

JACOBIE M HELENA

Hoe gemaak met 'n dalende betrokkenheid by kategese, soos by vele gemeentes waargeneem?

Dit is die vraag wat ds Wynand van Niekerk en kollegas op die Algemene Taakspan vir Kategese wou beantwoord met die ontwikkeling van Jeugfokus, 'n nuwe slimfoonvriendelike digitale platform wat eersdaags die lig sal sien.

Die span wil ouers, predikante en kategete bemagtig.

Jeugfokus volg 'n Bybelgedrewe kurrikulum wat kinders help om interaktief en met behulp van multimedia te leer van Bybelverhale.

Die taakspan het onder Van Niekerk se leiding veral probeer om een insig te laat geld: "Konneksie is key. Konneksie tussen mense, konneksie by die huis, konneksie tussen generasies by die kerk," verduidelik hy.

Van Niekerk, 'n predikant by NG gemeente Monumentpark, vertel dat gesinne saam moet kan bid, Bybel lees, terwyl kategete in gemeentes gesprekke moet fasiliteer wat jongmense digitaal betrokke hou wanneer hulle kategese bywoon.

Nog 'n insig was dat om relevant vir 'n volgende geslag gelowiges te bly, is nie net 'n geval van die skep van nuwe inhoud in bestaande mediaformate nie. Tegnologiese innovasie is nodig.

Die platform word in samewerking met Bybel-Media ontwikkel. Dr Nico

Simpson, uitvoerende hoof by Bybel-Media, sê die Jeugfokus-platform is nie in reaksie op die koronaviruspandemie nie. "Die opwindende ding van dié platform is dat ons teen die tyd wat Covid getref het, reeds tweederdes klaar aan die materiaal geskryf was. Maar ons het wél 'n paar digitale aanpassings gemaak om nóg meer opsies vir gebruikers te gee," volgens Simpson. 'n Voorbeeld is die skep van WhatsApp-groepe waar leiers met mekaar kan kommunikeer. "Ons wil so goed moontlik met Jeugfokus ons visie om te 'inspire the Christian way' vir kategete, ouers en predikante moontlik maak," sê Simpson.

Gemeentes vertel van uitdagings

Navorsing toon dat geloof primêr by die huis gevorm word, vertel Van Niekerk. "Nie in alle gevalle nie, maar in die meeste gevalle," voeg hy by. Die taakspan het 'n paar jaar gelede agtergekom dat kategese in sy wese in die moeilikheid is. Gemeentes het vir hulle gesê dat daar verskeie redes vir die daling in kategesebetrokkenheid op gemeentevlak is. Redes soos die materiaal wat nie voldoende is nie, die kinders wat nie betrokke is nie of dat hulle glad nie meer

in kategese belang stel nie, die ouers wat net die kinders by die kerk aflai sonder om saam met hulle kerk ook by te woon is maar 'n paar redes wat die gemeentes aangevoer het.

Hoe gaan Jeugfokus werk?

Stel jou voor die tema van die dag is die verhaal van Saggeus. Die materiaal is so ontwerp dat die tema in toepaslike lesse vir elke formaat en ouderdomsgroep beskikbaar is. Die lesse oor die verhaal van Saggeus is op Jeugfokus vir al die gemeentejeugaktiwiteite, byvoorbeeld kleuterkerk, die kindermoment tydens die preek, die drie ouderdomsgroepe grade 1-3, 4-6 en 7-10 en huisge-loofaktiwiteite beskikbaar.

Die platform vereis 'n intekenaarsfooi, waarna gebruikers aanmeld op hulle eie profiel en toegang tot alle Jeugfokus-inhoud verkry. Die bedrag word op 'n glyskaal bereken. 'n Graad 3-kategete kan dan vir die les oor Saggeus op die platform voorberei en met hulle slimfoon in die klas sit terwyl al die nodige inligting vir die les in 'n eenvoudige leesvriendelike formaat byderhand is. Van Niekerk vertel dat gebruikers die les basies van hulle fone kan aanbied. Die inhoud van Jeugfokus

is interaktief ontwikkel omdat geloofsvorming deur ervarings gebeur. Daarom kan die gebruikers van Jeugfokus dadelik skakels na video's wat vir die kinders van jou selfoon af gespeel kan word, byderhand hê.

Behalwe vir die inhoud van elke les, maak die platform dit ook moontlik om die week voor die les saam met ander kategete oor die verhaal van Saggeus na te dink. Die gesprek sal die week voor die tyd via Zoom, wat opgeneem word, plaasvind waar die Kategese-taakspan leiding en opleiding vir die kategete oor die Saggeusles kan gee. Van Niekerk verduidelik dat dié ruimte vir kategete die geleentheid gee om ook inhoud vir die platform te skep en so 'n bydrae te maak. Die bydraes van kategete, ouers en predikante tot die platform op grondvlak word moontlik gemaak omdat die platform heeltid gedurende die jaar van binnekant af hersien word om die nuutste idees en inhoud aan die gebruikers te bied.

Taakspanlede weet gemeentes se konteks verskil en daarom sal die manier waarop predikante, kategete en ouers die materiaal gebruik ook verskil. Daar is opsies vir drukstukke en selfs boekformaatbestellings vir diegene wat minder digitaal wil werk.

● Vir meer inligting, besoek <https://missio.org.za/product/jeugfokus/>
Navrae: Kontak Amanda van der Westhuizen by amanda@bmedia.co.za

Randfigure: Stemme van toe en nou

Ontmoeting met 'onbesonge' mense

ISABEL BALLOT

Isabel Murray is mede-redakteur van 'n interessante nuwe publikasie getiteld *Randfigure – Stemme van toe tot nou*. Ek gesels met haar ná een van die bekendstellings wat in Desember verlede jaar vir die boek gehou is. Saam met dr Lisel Joubert het hulle 'n boek gelewer waarvan prof Retief Müller, direkteur van die Nagel Institute for the Study of World Christianity by Calvin University sê: "Hierdie is nie net 'n skatkis van staaltjies uit die verlede nie. Die egte waarde hiervan is in die manier waarop ontginde argivale navorsing ten toon gestel word. Dit is toeganklik en leesbaar."

Murray verwys na die verhaal van Ellen Faul Smit van Tshilidzini soos geskryf deur haar dogter Maretha Loubser. In 1982 is Ellen toegelaat as professor in psigiatrie, die eerste vrou in Suid-Afrika wat in so 'n posisie aangestel is.

Ook die merkwaardige Mary Murray, 'n kleindogter van ds Andrew Murray van Graaff-Reinet figureer in die boek. Sy was die eerste opgeleide binnelandse sendeling wat deur die Hugenote Semi-

narium en Kaapse Kerk uitgestuur is.

In die skrywer se studiejare op Stellenbosch is damestudente nie toegelaat om teologieklasse by die kweekskool, soos Sendingwetenskap by te woon nie.

Sy moes spesiale toestemming by die rektor kry toe sy wou. Sy is toe toegelaat om klasse by te woon, maar het geen krediet gekry nie.

Lisel Joubert het ook 'n ondervinding as 'n vrou in 'n mans-gedomineerde wêreld gehad. Sy is eers amper 20 jaar na haar legitimasie as 'n voltydse leraar op Gansbaai aangestel.

Isabel vestig die aandag op die besonderse foto's uit die argiewe wat in die bundel opgeneem is. Onder andere die een van 'n sendingvrou op haar donkie op bl 236. Isabel glimlag hieroor. "Dit is 'n toneeltjie wat dikwels op die sendingveld gesien is."

Ons glimlag ook oor die foto op bl 10 (foto hiernaas) met die onderskrif: "Mag vroue in die openbaar baai? Hierdie vroue steur hulle min daaraan of hulle in die openbaar mag baai of nie. Hulle is met rokke en al in die water."

Ons stem saam dat die vroue in hier-



Foto: Johannes du Plessis-versameling.

die boek, hoewel randfigure, formidabele vroue was.

Vanuit my perspektief, as iemand uit die geleedere van die beeldende kunste, wat ook die onderhoud voer, is ek getref deur die smaakvolle uitleg van *Randfigure*.

Isabel sê dat die redakteurs baie dank-

baar is vir die ruim finansiële bydraes van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns en die NG Kerk in SA (Sinode van Wes-Kaapland) wat hierdie publikasie moontlik gemaak het.

● Die boek is beskikbaar by isabelle-murray73@gmail.com @R300 + R100 posgeld.



Profiel: Rudi Swanepoel

Daar's vir hom iets heilig, selfs misties aan gemeenskap

JACO STRYDOM

Moenie bekommerd wees wanneer die grafiek op 'n hart-longmasjien op en af gaan nie, dit is 'n teken van lewe! Wees bekommerd as dit nie gebeur nie – as die ding flat-line. Só is dit ook met die lewe. Die werklikheid is lig en donker, dag en nag, goed en boos, mooi en lelik, wonderlik en hartseer, op en af ... Ek raak bekommerd oor mense wie se gemoed heeltyd iewers in die middel rondhang.

Rudi Swanepoel is nie een van hulle nie.

“Rudi is real,” sê iemand nou die dag. 'n Goeie opsomming. Ons het al saam gelag en gehuil, en ek het die voorreg gehad om hom meer as een keer kwaad te sien. Meestal oor dinge wat in die kerk gebeur, of nie gebeur nie.

Elke keer was ek beïndruk, het ek gewonder waarom meer mense nie ontstel raak oor die dinge wat Rudi ontstel nie? (Daar is 'n ding soos holy anger!) Hierdie land kon 'n beter plek gewees het as meer dominees die ou se passie gehad het.

Rudi skryf en kook en drink wyn en hardloop – onder andere – en hy is dominee. Hy het al sewe keer die Comrades-marathon gehardloop. Sy boek *Kom sit aan – Maak 'n fees van die gewone* het in 2018 verskyn. Dit gaan oor een van sy groot passies: saam eet.

Vir Rudi is daar iets heilig, selfs misties, aan gemeenskap om die etenstafel. So ook aan die kosmaak en kookproses self. Nou die dag skryf hy:

“Dit het al soveel keer gebeur: dié onteenseglike herinnering aan die goeie, aangekondig deur die nederige brood.

“Die boodskap kom gewoonlik op 'n moeilike dag, wanneer die kompleksiteit van menswees (ons almal s'n) binne 'n onderstebo wêreld (soos geregistreer in Suid-Afrika, die VSA en selfs die oënskynlik ongelooflike Kanada) broeiend dreig om te oorweldig.

“Jy, jy het net opgedaag, die drie bestanddele (meel, sout en water) aan mekaar voorgestel en hulle grootliks aan hulleself oorgelaat om te mingle.

“Hulle het hulle eie gang moeiteloos gegaan, met jou wat so tussendeur inloer en hier en daar 'n ding doen, druk of skuif.

“Soms, soos vandag, was toestand (heeltemal buite jou beheer, soos die lewe self) vermoedelik perfek, hoofsaaklik temperatuur en tydsberekening.

“Die resultaat verstom jou. Jy weet dis nie deur jou toedoen nie, jy is pynlik vertrou met jou gebrek aan kennis (van beide chemie en fisika) en formele opleiding (die beste bakkers bak jarre en jarre voor hulle hulleself begin ag). Dit gaan dus nie oor jou nie.

“Die brood lig jou gemoed. Jy voel

beide dankbaar en diep tevrede dat jy die begin, middel en einde van die proses kon gade slaan en nou kan staan met 'n skewe snytjie brood en 'n stroompie gesmelte botter wat teen jou hand se kant afloop.

“Jou hart en jou verstand kry dan die boodskap: daag op en doen wat jy kan. Vertrou die proses. Moenie oordrewe beheer uitoefen nie. Gebruik wat jy reeds weet en vra altyd weer wat jy nog kan leer.

“En jy onthou sommer ook weer, so op die doodgewone Donderdagmiddag, dat daar eens, in 'n oomblik van geweldige droefheid en intense onsekerheid, gesê is: ‘Neem, eet.’”

Rudi vertel dat hy, soos baie ander mense, op 'n vroeë ouderdom op 'n harde manier gekonfronteer is met die gebrokenheid.

“Hier rondom standerd vyf het iets aangeskakel in my, wat obviously God se werk was, wat gesê het, dalk moet jy nie net 'n toeskouer bly van hierdie gebrokenheid nie, maar dalk moet jy aktief deelneem om dinge beter te probeer maak.” sê hy.

Op hoëskool het hy by die CSV 'n tipe verdieping beleef. Hy het besef dat die evangelie kragtig is en hom roep om meer as net nog 'n blote toeskouer te wees.

Na Rudi aanvanklik teologie by Tuks begin studeer het, was hy onder andere vir vier jaar 'n kopieskrywer by 'n advertensieagentskap. Later voltooi hy sy graad in Teologie op Stellenbosch.

Sy eerste gemeente was in die Oos-Kaap, waar hy ook vir 'n tyd lank 'n restaurant bedryf het: Die laaste 11 jaar is hy predikant by Andrew Murray-gemeente, 'n multikulturele NG gemeente in Oaklands, Johannesburg.

As “ignorance bliss is”, is die teenoorgestelde ook waar.

Die ding wat hom die meeste ontstel van die NG Kerk vandag, is dat ons geleentheid by ons verby laat gaan. Die mooi dinge wat wel gebeur is te dikwels uitsonderings.

Ons gesels oor die opmerking wat iemand een keer gemaak het: “*The time of the week of the greatest racial divide in South Africa is on a Sunday between 09:00 and 10:00.*”

Rudi sê dit ontstel hom dat mense dit al meer by die werkplek regkry om diversiteit as iets positiefs te omhels, maar dat dit steeds 'n uitsondering is in ons manier van kerkwees vandag. Dit gebeur in woorde en preke en gebede, maar die sigbaarheid daarvan, byvoorbeeld in ons eredienste en ander byeen-

komste, ontbreek steeds.

Die kerk is veronderstel om 'n plek te wees waar dinge gebeur, wat vir die wêreld onmoontlik lyk. 'n Alternatiewe gemeenskap waar liefde wen.


Rudi praat nie net hieroor nie, ons paaie kruis juis die laaste tyd al meer omdat sy gemeente 'n klompie van ons Echojongmense uit verskillende kultuurgroepe op hulle kerkterrein huisves. Hulle is letterlik bure, want Rudi en sy gesin woon ook op Andrew Murray se terrein.

Dis geen sondegskoolpiekniek nie. Hy vertel dat dit nie altyd maklik of lekker is nie. “Dis dikwels pynlik,” sê hy. Maar hy ontdek dat 'n mens juis baie het om te leer by mense wat anders as jy is, ons groei juis in die messiness, spanning, confusion en konflik van community.

Hy vertel die aangrypende storie van hoe hy een aand twee van die jongmense gevra het om met 'n groepie gemeentelede in die kerkgebou te praat. Die gemeentelede het die twee welkom geheet toe hulle instap, waarop die een meisie opgemerk het dat dit eintlik andersom werk. “Eintlik is julle die mense wat welkom geheet moet word,” het sy gesê, “want hierdie kerk is ons huis.”

► *Ds Jaco Strydom is predikant by die NG gemeente Villieria in Pretoria.*

“As ‘ignorance bliss is’, is die teenoorgestelde ook waar.”



Ds Rudi Swanepoel.

Foto verskaf

'n Les in dankbaarheid

Dié is 'n ingewikkelde tyd vir kerkgangers, kerkleiers en, helaas, kerkkoerante.

Geen eredienste nie. Begrafnisse beperk tot 50 mense wat elkeen 1,5 meter van mekaar moet sit. En aangesien geloofsgebaseerde en alle sosiale byeenkomste onwettig is, "moet aanvaar word dat trouseremonies (egpaar en gaste) onwettig is," berig KaapKerk op 21 Januarie.

Kerkbode se volhoubaarheid steun grootliks op die intekenaarsfooie wat ons ontvang van lesers soos jy, wat ons stories nog in papierformaat lees. Ons is versigtig vir betaalmure op hierdie stadium van die geveg. Daarom stel ons steeds al ons aanlyninhoud gratis beskikbaar. Die beloning daarvoor is mooi groei in ons webgehoor. Op van altesaam 104 265 unieke gebruikers in 2018 na 202 506 in 2020.

Jou voortgesette ondersteuning van die papierkoerant stel ons in staat daartoe om 'n volhoubare digitale strategie te laat wortelskiet en help so om die voortbestaan van toegewyde kerkjoernalistiek te verseker. Ons lesers en lojale adverteerders dra ons as 't ware deur 'n pandemie wat sy geweld laat geld op die ganse ekonomie.

In sy nuwe boek oor die Psalms wys Paul Kruger daarop dat die Ou Testament nie 'n woord vir "dankie" het nie. "Dit beteken egter nie dat die idee van dankbaarheid in die Ou Testament afwesig was nie. Dankie is net op 'n ander manier uitgedruk," skryf dié akademikus in *Here, leer my u pad* (Naledi). Pleks van "dankie" wat die klem op die meegaande "ek sê" laat val, is daar in die Psalms, byvoorbeeld, lofprysing. "Nêrens in die Psalms is daar sprake van lof wat, soos dank, uit plig geskied nie," skryf Kruger. "Lof is die aktiewe wegtree van jouself en fokus op God en sy weldade."

'n Tydige les in die taal maar ook aard van dankbaarheid?

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman

E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Joernalis: Jacobie M Helena

Tel 072 828 9760
E-pos: jacobie@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small

E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath
Tel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen
E-pos: lida@tydskrifte.co.za
Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemaking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

Manitza Kotzé GASSKRYWER



Die kerk, Covid-19-entstof: Ons is aan mekaar verbind

MANITZA KOTZÉ

Dié is amper voor die hand liggend dat teologie 'n prominente stem in mediese etiek sal hê; die vraagstukke wat na vore kom handel dikwels oor lewe, dood en gesondheid, en is daarom kwessies waarmee Christenici en teoloë hulleself besig hou. Hierdie besorgdheid kan gesien word op alle vlakke van mediese en/of bio-etiek, vanaf die duidelike etiese en morele kwessies soos aborsie en genadedood, tot kontemporêre vraagstukke wat die snelle ontwikkeling van tegnologie op mediese gebied opper, soos byvoorbeeld genetiese manipulasie.

Die mediese ontwikkeling van entstowwe is 'n besondere deurbraak. Kindersiektes soos polio, difterie, tetanus en kinkhoes, wat vroeër baie lewens geneem het, is vandag amper vergete. Ons lees ook vandag elke dag van die nuwe Covid-19-entstof, en vele is in hoopvolle afwagting vir wanneer dit ook in Suid-Afrika beskikbaar sal word. Vier belangrike beginsels in bio-etiek wat Westerse mediese etiek vir die afgelope 40 jaar gerig het, is belangrik in die nadenke oor die Covid-19-entstof. Hierdie beginsels is welwillendheid, nie-kwaadwilligheid, geregtigheid en outonomie.

Soos alle entstowwe, is die Covid-19-entstof 'n poging tot welwillendheid, om goed te doen. Die entstof bied im-

munitie teen Covid-19. Indien dit egter teen 'n hoë prys sou kom, soos slegte nuwe-effekte, sou dit bevreemte word op die basis van *primum non nocere* (doen eerste geen kwaad nie). Sover blyk dit egter dat die nuwe-effekte relatief lig is, soortgelyk aan ander entstowwe. Die poging tot universele inenting wêreldwyd sou gesien kon word as 'n poging tot geregtigheid, veral met betrekking tot diegene wat dit nie sou kon bekom indien die entstof kommersieel beskikbaar gemaak word nie.

In die Suid-Afrikaanse konteks, gebaseer op die inligting wat deurgegee is rondom die regering se inentingsplan, word vrae rondom geregtigheid egter ook opgeroep. Indien daar gemik word om slegs 67% van Suid-Afrikaners in te ent ten einde kudde-immuniteit te bereik, wie gaan die besluit neem wie in die groep van 33% val wat nie toegang tot die inenting sal hê nie? Die kwessie rondom outonomie kom ook sterk na vore in hierdie gesprek.

Dit blyk dat die inenting nie verpligtend sal wees nie, en die outonomie van elke individu volgens die vier bio-etiese beginsels word dus gehandhaaf. Vir baie beteken outonomie egter meer as dit, en 'n fokus op individuele vryheid, met 'n besondere klem op die individu.

Die vraagstukke rondom die entstof is nie slegs 'n kwessie vir mediese etiek

nie, maar een met vele oorvleuelende areas. In bevrydingsteologie word daar gepraat van die voorkeursie vir die armes. Dit is ook veral relevant in mediese etiek, want siekte en virusse het ook 'n voorkeur vir die armes. Met die Covid-19-pandemie word dit ook veral uitgelig: Hoe was jy jou hande gereeld as jy nie toegang tot lopende water het nie? Hoe beoefen jy sosiale afstand in 'n informele nedersetting? Met die aankondiging van die eerste inperking was daar 'n sterk besef van ons interafhanklikheid en relasionaliteit. Sosiale media was vol mooi prentjies wat wyd en syd gedeel is: Ons bly by die huis, nie omdat ons noodwendig hoë risiko is nie, maar ter wille van ander. Die behoeftes van die kwesbaarste rondom ons is bo ons eie begeertes gestel. Hoe langer daar van ons gevra word om ander in ag te neem, hoe moeiliker blyk dit vir ons te wees. Ons het mos klaar gedink aan ander, outonomie beteken dat ons nou aan onself kan dink.

As geskape wesens het die mens nie 'n onafhanklike bestaan nie. Ons bestaan en ons voortbestaan is alleen deur die genade van die Skepper. As geskape wesens is ons ook onlosmaaklik deel van die skepping. Die woord "ekologie", wat van die Griekse term *oikos* afgelei word, beteken "huis". Daarom dat eko-teoloog Ernst Conradie gereeld verwys na eko-teologie as nadenke oor die huishouding van God. Ons is nie die enigste inwoners in God se huishouding nie, en saam met die klem op ons verhouding met die Skepper en die res van die skepping, dwing die Covid-19-pandemie en nou ook die entstof ons om opnuut na te dink oor ons verhouding met ander mense.

Stanley Hauerwas dui aan dat die mediese wetenskap die kerk nodig het. Die taak van medici, dui hy aan, word gekenmerk deur hulle toewyding om in die teenwoordigheid van diegene met pyn te wees. Om te leer hoe om teenwoordig te wees op 'n wyse wat bemoeidiging en vertroosting bring het ons voorbeelde van hierdie gedrag nodig, en die kerk is 'n voorbeeld van so 'n gemeenskap. Die kerk kan ook 'n voorbeeld wees van die praktyke en gebruike wat nodig is om te leef met omgee vir ander, die besef van ons interafhanklikheid. Terwyl ons wag vir die beskikbaarheid van die entstof, is hierdie gedagtes waarvoor ons gerus meer gereeld kan nadink.

► Dr Manitza Kotzé is senior lektor in Dogmatiek en Etiek aan Noordwes-Universiteit.





Wat is nuut?

Ek lees iewers dat iemand Januarie die dertiende maand van 2020 noem. Alles wat ons in 2020 wou agterlaat, alles waarvan ons gedroom het dat dit in 2020 tot 'n einde sou kom, is immers nog net so met ons. 31 Desember is toe nie 'n magiese datum wat die gang van die lewe vernuwe en verander nie. Vir dié wat so gehoop het, sál Januarie vanjaar voel soos die 13de maand van 2020. Covid-19 is erger as ooit, die grendelmaatreëls is selfs strenger, die skole begin later, universiteite begin nog later, die ekonomie bars onder die druk van lae vertroue en skuld en die Zondo-kommissie vra vir nou uitstel.

So wat is nuut? Die antwoord is eenvoudig: niks. Niks is nuut nie. Behalwe natuurlik as die mense wat Kersfees ernstig geneem het, 2021 aanpak as 'n jaar van inspirasie en hoop. Omdat God by ons is. Omdat Immanuel só by ons is dat ons deel word van sy nuutmaakproses. "Kyk, Ek maak alles nuut, sê God" (Op 21:5). Die nuwe is te vind in God se beweging. As jy daarvan deel word, word alles vir jou nuut.

Die metafoor van die perfekte storm wanneer 'n klomp kragte saamkom om mense geweldig uit te daag, is al baie benut om mense aan te moedig om die toekoms aan te gryp. Maar luister hierna: Die Koronavirus het die wêreld tot stilstand geruk. Mense is op 'n massiewe skaal met hulle eie broosheid gekonfronteer. En hulle sê daar is nog erger virusse op pad. Ons fisieke voortbestaan is in die hande van regerings en farmaseutiese firmas. Die oes van inligting op sosiale media om mense se gedrag te "lees" en voorspel en mense se gedrag

dan te manipuleer, is 'n ontugneterende werklikheid. Google en Facebook ken jou behoeftes.

Die aarde gee mee onder die druk van die uitputting van sy bronne. Binne enkele dekades gaan duisende spesies van natuurlike lewe van die aarde verdwyn. Die voedselketting gaan gebreek word. Groot aanpassings wag op ons om te oorleef. Ons gaan almal in ons huis en in ons vervoerstelsels en nywerhede moet begin oorskakel na skoon energie. En ons gaan totaal anders moet leer dink oor plastiek. Hierdie is nie 'n perfekte storm nie, dit is 'n perfekte apokalips van onsekerheid en angs. Niks daarvan is nuut nie, maar die groterwordende uitwerking daarvan tref ons aanmekaar nuut.

Mense se spontane reaksie op die koms van die mikroskyfie, en die digitale revolusie wat daarop gevolg het, en die verlies aan beheer oor hulle eie lewe was om identiteitspolitiek te beoefen. Hier by ons sal ons dit anders doen. Hier sal ons na onself omsien en onself beskerm. Make America Great Again! Brexit! Ons sal self! Bedreigde

mense se natuurlike reaksie is om laer te trek. Om grense te sluit. Om eie belang eerste te stel. Om niemand anders te vertrou nie. Om ou vriende subtiel as opposisie te definieer. Om binne en buite duideliker te definieer.

Om aanspraakmakers op die skaars bronne waaroor hulle beskik, minder te maak. Om oorlewing bo ontwikkeling te stel. Om die totale interafhanklikheid van mense in ekonomieë te vergeet. Dié wat nie werk nie, sal nie eet nie. 'n Oorlewingpsigose het blamering tot gevolg. Dit is altyd die ander se skuld. Ook stagnasie. Ook wantroue. Ook outoritêre leierskap. Ook diktature. Ook magstryde.

Weet jy hoe nuut klink die Kersevan-gelie in so 'n wêreld? Kom ons omarm ons broosheid. Kom ons dra mekaar se laste. Kom ons sluit in in plaas van uit. Ons glo regtig dat ons net deur die genade van die Here Jesus gered word. Kom ons dien die randfigure. Kom ons maak ons dorp skoon. Kom ons neem ons hele gemeenskap ernstig. Kom ons gebruik die tegnologie om almal te help – ryk en arm. Kom ons kyk na die klein

kindertjies van ons gemeenskap se ontwikkeling. Kom ons breek grense af. Kom ons deel liefde met alle mense. Kom ons plant bome, ons maak ons hele gemeenskap 'n groen gemeenskap.

Kom ons bou bande met ander kerke. Kom ons neem die geloofsgemeenskap in ons omgewing ernstiger op. Kom ons staan saam teen magsmisbruik. Kom ons hou die plaaslike regering aanspreeklik om sy gemeenskapsontwikkelingsplan saam met ons op te stel en uit te voer. Kom ons ondersteun ons onderwysers en skole. Kom ons treur saam oor ons verliese. Kom ons belê in die bou van vertroue. Kom ons getuig saam oor Immanuel wat gekom het.

Kom ons beweeg van oorlewing na betekenis ... 'n lewe wat ewigheidsbetekenis het.

Hierdie taal en gesindheid en oriëntasie en werk en selfprysgawe en versoening gaan toenemend nie net al meer vreemd klink nie, maar al meer nuut. Miskien is daar baie meer nuut in 2021 as wat ons ooit verwag het.

► Ds Nelis Janse van Rensburg is die voorsitter van die ASM.

“Kom ons bou bande met ander kerke. Kom ons neem die geloofsgemeenskap in ons omgewing ernstiger op. Kom ons staan saam teen magsmisbruik. Kom ons hou die plaaslike regering aanspreeklik om sy gemeenskapsontwikkelingsplan saam met ons op te stel en uit te voer.”



NUWE
stemme

Laingsburg-vloed: 40 jaar en ander simbole van hoop

MIAS NORTIER

Hierdie maand is dit presies 40 jaar gelede wat die natuur haar volle mag kom uitoefen het op die dorp en gemeenskap van Laingsburg. Op hierdie dag het die grootste natuurlike ramp van Suid-Afrika se geskiedenis geskied, mens en dier was weerloos vir die Buffels- en Baviaansrivier se magdom water, wat die dorp van Laingsburg laat opdam het en sy siel laat wegspoel het. Hierdie tragedie het almal en alles geraak.

Ek sal myself nie beskou as 'n 'simboloog' of kenner op die gebied van simboliek nie. Maar Laingsburg is 'n

gemeenskap wat vol simbole is. So leef die inwoners van hierdie dorp en distrik. Hulle hou die natuur dop vir enige teken van hoop wat dalk op pad is. Hier leer 'n mens om opnuut op God te vertrou en te soek na tekens van hoop. Hier word 'n gelowige se geloof getoets tot die uiterste toe, maar ook beloon aan die einde van die smeltkroes.

Van die begin van my bediening af op Laingsburg is ek toegespoel deur 'vloedstories'. 'n Hele paar van die ouer geslag inwoners van Laingsburg kan tot vandag toe nog, met baie angswekkende detail, vertel waar hulle was op

die dag van 25 Januarie 1981. Sommige het op daardie dag geliefdes verloor, sommige het hulle aardse besittings verloor en sommige het 'n stukkie van hulleself verloor. Met die vertel van hierdie verhale, is daar nie meer altyd tranes oor nie, maar die herinneringe van daardie vreeslike dag het diepe letsels gelaat. Daar is egter 'n hele nuwe geslag wat nog nie geleef het toe die vloed plaasgevind het nie, en elkeen ervaar die aanhoor van die 'vloedstories' verskillend.

Maar dit is nou 40 jaar later en die wêreld gaan ook aan. Dit is egter ondenkbaar dat Laingsburg tans die teenoorge-

stelde ramp deurgaan, 'n sewejaar-lange droogte. Weereens 'n simboliese getal. Januarie 2014 het dit laas voldoende gereën in die distrik, genoeg dat die Buffels- en Baviaansrivier weer voluit kon loop en lewe bring na die dorre aarde. Maar tog is daar tekens van die hoop wat op pad is: Op 5 Januarie vanjaar het die Buffels- en Baviaansrivier weer begin loop. Nog nie genoeg nie, maar die tekens is daar.

Volgende keer as jy deur Laingsburg ry op die N1-snelweg, moet jy hier stop en kom deel in hulle verhale van hoop.

► Ds Mias Nortier is leraar by NG gemeente Laingsburg.

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninvulvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

'G'n eenheid in NG Kerk oor wat ons glo'

Arnold Griesel van Bethulie skryf:

Dr André Bartlett se opiniestuk in *Kerkbode* (27 November) verwys. Dit is duidelik dat die skrywer nie die nuanse verstaan waaroor gedoleer word nie.

Hy skryf: "Die probleem is nie dát ons van mekaar verskil nie, maar hóé ons ons verskille hanteer: of ons nou doleer of nie doleer nie, ons behoort almal aan die Here."

Daar is 'n rede waarom daar gedoleer word – getrouheid aan God en sy Woord is op die spel.

Die kort antwoord is dat daar radikaal van Skrifgesag en die nakoming van ons Gereformeerde geloofsbeginnels verskil en afgewyk word. Soos Artikel 5 van die Nederlandse Geloofsbelijdenis sê (nog altyd die NG Kerk se amptelike belydenisskrif), "ons glo ook sonder twyfel alles wat daarin (in die kanonieke boeke van die Skrif) vervat is, nie juis omdat die kerk hulle aanvaar en as sodanig beskou nie, maar veral omdat die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle van God is."

Die doleerders is hartseer dat die Algemene Sinode nie net afwyk van die NG Kerk se leer nie maar ander aanmoedig om deel van die afbreek van Bybelse leer te word. Die doleerders beskou die nuwe rigting waarin die NG Kerk vaar as 'n resultaat van meer gewig gee aan die wêreldse tydsgees as aan die ewigdurende Woord van God. Argumente in die kerk ten gunste van selfdegeslagverhoudings word nie gegrond op die Skrif nie (wat verstaanbaar is, gegee hoe duidelik die Skrif hieroor spreek), maar word eerder gegrond op ander oorwegings wat teenstrydig is met die Skrif en met die beskouing van die algemene Christelike kerk deur die eeue.

Dit is verder duidelik dat 'n wesenlike verskil in Skrifbeskouing direk lei tot ooreenstemmende verskille in teologie, soos ons dit vandag duidelik bevind in die NG Kerk. Die NG Kerk sit met totaal verskillende beelde van wie God is (sy aard), van hoe Hy die mens geskape het (antropologie), van die aard en definisie van sonde (hamartologie), en dus van die aard van verlossing en heiligmaking (soteriologie). Dit kom neer op 'n verskil van Godsbeeld en van die evangelie.

Hier aanskou 'n mens die hart van die probleem: Daar is geen eenheid in die NG Kerk oor wat ons glo nie. Maar kerklike eenheid is juis veronderstel om gegrond te wees op eenheid van geloof. As die geloof wat die kerk nog al die eeue bely deur kerkleiers verwerp word, ver-

brokkel haar eenheid, soos ons dit vandag sien in die NG Kerk. Uit die oogpunt van die doleerders is die leiers in die Algemene Sinode (wie se amp dit juis is om die geloof te verdedig en te onderhou) besig om aktief dwaalleer te bevorder in die kerk en af te wyk van die "geloof wat vir eens en altyd aan die heiliges toevertrou is" (Judas 3). Dit is die kern van die saak, en waarom daar gedoleer word.

NG Kerklidmate sou dit dan ook kon verwag van die leierskorps van die kerk om die kuratorskap van ons Gereformeerde leer met die erns wat dit verdien te bejeën – sodat die evangelie suiwer verkondig word. Dit gebeur eenvoudig lank nie meer nie. God word onteer.

Ten slotte, dit kan miskien lyk na 'n aanloklike uitkoms om die radikale en wesenlike verskille in die NG Kerk sonder besinning onder die mat van relativisme te vee en sodoende te verklaar dat "almal van ons, doleer of nie, aan die Here behoort". Maar die waarheid is te kosbaar om dit op die altaar van valse vrede en eenheid te offer.

Liewe NG Kerk ...

Johan van Steynsburg skryf:

My naam is nog in julle lidmaatregister. Vyftien jaar gelede was ons besig om te baklei oor gays, swartmense, Indiërs en bruinmense.

Ek was kwaad toe ek saam met die kerkraadkommissie moes uitpluis of die katkisanter goed genoeg is. Toe ek langs my seun gaan sit in die konsistorie sien ek oorkant die groot tafel 'n paar intimiderende ouderlinge en 'n dominee. Bokant hulle, 'n ry ou foto's van oudominees, nog meer intimiderend. Toe my spreekbeurt as ouderling kom sê ek: "Ek is jammer dat julle kinders geen liefde ondervind in hierdie kerk nie. En as julle nooit weer kerk toe kom nie sal ek verstaan."

Iets het daardie dag gebreek.

Ek speel orrel, glad nie goed nie maar ons kry gesing. Die Sondag met my seun se voorstelling is die orrelis nie beskikbaar nie. Hulle vra my nie. Die kwaai ouderling se vrou speel klavier. Hy was seker kwaad vir my.

Dit was erg depressing in die kerk. Ek wou huil.

Ek het uitgestap en nooit weer teruggegaan nie.

Niemand het gevra hoekom nie.

Ek het een of twee keer orrel gespeel toe altwee orreliste op vakansie was. Die gemeente het gekrimp soos al die plattelandse gemeentes. Daar is nie juis meer kerkraadslede nie. Die boere hou die finansies nog aan die gang. Die kerkbasaar is nog lekker. Die kerkbywoning is bitter swak, nog meer so na Covid-19.

Mag die liefde heel bly, al versplinter die kerk

Lucas Visagie van Centurion skryf:

In die Christelike geloofsgemeenskappe was daar nog altyd verlore mense, dié wat vrylik Protestants 'n eie rigting neem en konstant afsplinter, en dié wat soekend en akkommoderend, bloot eerlik vanuit hulle eie gebrokenheid, besef die enigste heling is die liefde.

Is enige vorm van uitsluiting nie blote liefdeloosheid nie? As die NG Kerk sy deure toemaak om enige iemand buite te hou, behoort die geloofsgemeenskap hulleself dringend en selfkrities af te vra: Nou waarvoor staan ons dan na alles? Die geloofsgemeenskap wat bely dat hulle Christus wil navolg, sal beslis 'n kerk wees vir alle mense.

Of gay-wees sonde is, betwyfel ek. Waaroor ek seker is, is dat ons wat nie gay is nie, hierdie mense wat 'n ander seksuele oriëntasie het, al so verwond het, dat van hulle hulleself verskans in gedaantes wat hulle nie is nie. Dit opsigself behoort 'n klag teen elke lidmaat te wees wat die taal van verwerping onnadenkend uitspreek oor hulle wat gay is.

God se genade en die liefde van Christus kan nie net beskikbaar wees vir hulle wat 'n Bybelse saak wil uit-

Alutta sê vanoggend toe ons stap: "Die kerk is soos een wat langs die swembad staan en met sy toon voel of die water nie te koud is nie. Hulle is nie deel van die lewe nie. Hulle klim net in wanneer dit lekker is. En as hulle koud kry of moeg raak klim hulle uit."

Ons besluit die probleem is dat mense in die kerk bly omdat hulle getroetel word en vergifnis kry vir die goed waaroor hulle skuldig voel. Hulle sluit mense uit wat nie saamstem met hulle formule en dogma nie. Hulle weet niks van die ander kerke nie.

"What are we gonna do, Madala?"

Ons bespreek 'n sekulêre gemeenskap. Die ouens wat wil godsdienstig wees hou hulle biduur. Die ouens wat in liefde die gemeenskap wil dien, werk ook saam, sonder Skriflesing en gebed.

Ons kom Sondae bymekaar vir 'n lesing oor die Christelike lewensbeskouing en ons bespreek hoe ons mekaar kan ondersteun. Partymaal nooi ons iemand wat kwaad is. Ons luister na iemand wat weer opgestaan het. Een moet kom vertel hoe lyk armoede regtig. Iemand fasi-

maak dat hulle die enigste en ware standpunt beet het in hulle verstaan van die letter van die Woord nie. Die Woord – en die verstaan daarvan – is vir almal. Hierdie beskikbaarwees van die liefde en genade kan geen geloofsgemeenskap in voorwaardes verander nie.

Wanneer ons vorentoe storm met uitsluitingsklousules oor die liefde, speel ons God en speel ons liefdeloos onkant, wat die evangeliese boodskap se hart liefdeloos uitruk. Uitsluiting en veroordeling raak sinonieme.

Ons moet waak dat ons in hierdie lewe nie voorskriftelik en voorwaardelik reëls belangriker maak as die lewe self nie. Al sukkel ons om onself te vind en te verstaan, mag dit nie tot uitsluiting van die liefde en mense wat dalk baie anders as ekself is, wees nie. Die liefde kom eerste, dit sluit almal in wat ernstig is daarmee, en dit oorbrug ons verskille waar ons bloot nie weet nie. En waar ons nie vir seker weet nie, kan ons ons veel eerder misgis met die diepte en omvang van Christelike liefde.

Die liefde omarm sonder voorwaardes, dit maak heel sonder vrae, dit splinter nie op nie, en hou nie mense buite waar hulle saam in die kring hoort nie, ongeag hoe hulle aanmekaar gesit is. Die liefde bou brûe, dit skep nie fiktiewe grense van wie hoort en wie nie.

Ons soek saam, terwyl ons mekaar naby hou.

liteer die oop gesprek.

Ons vorm groepe vir take en projekte wat saamwerk sonder grense.

Ons vorm ondersteuningsgroepe vir rassiste, enkellopendes, werkstres, manne se issues, MIV+, depressie, wit priviledge.

Ons sit ons geld in 'n poel en lewer kospakkies af, maak sop vir die township-skool, brei truië vir die winter, koop komberse vir die oumas.

Ons maak groentetuine, verf 'n hospitaalsaal, bou meubels vir die kleuterskool, hou 'n braai vir die ouetehuis.

Ons word lief vir mekaar, ons klim van ons trone af.

Ons konnekteer, ons waag, ons lewe. Sonder die kerkorde.

"Let's do it, Madala!"

Regstelling: In die uitgawe van 27 November 2020 het *Kerkbode* gesê Janine Coetzee is die direkteur van Three4-Bedieninge. Dit is 'n fout. Die organisasie se naam is There 4 Ministries. Ons is jammer. – Red.

Is dié wat die doleerders verwerp?

Neels Jackson van Pretoria skryf:

Arnold Griesel skryf op kerkbode.co.za (brief hierbo – Red) daar is geen eenheid in die NG Kerk oor wat ons glo nie. Hy noem Skrifgesag, wie God is, hoe God die mens geskape het, wat sonde is en die aard van verlossing en heiligmaking.

As lidmaat wat gay-gelowiges en hulle verhoudings volledig aanvaar, wil ek duidelik stel wat ek oor elkeen van dié sake glo. Ek wil hoor of dit is waarvan die doleerders verskil, en waarom hulle verskil.

Oor die Skrif: Ek glo die Bybel is die Woord van God en rigtinggewend vir my lewe. Ek glo dat ek die Bybel reg moet verstaan. Dit behels onder meer

dat ek nie losstaande tekste buite hulle konteks gebruik nie. Dit beteken ook dat ek die kultuurverskille tussen vandag en die Bybelse tyd in ag neem. (Daarsonder sou vroue nog hoede moes dra kerk toe.)

Oor wie God is: Ek glo Jesus Christus is die beste openbaring van God wat ons het. In die Evangelies lees ek mense is vir Jesus belangrik. Ek lees dat Hy mense innig jammer gekry het en dat Hy bedroef was oor die verhardheid van die Fariseërs. Ek lees dat Jesus die wet anders hanteer het as die Fariseërs. Vir Jesus het dit nie oor die letter van die wet gegaan nie, maar oor mense. Daarom dat Hy, in 'n dispuut oor die sabbat, sê die sabbat is vir die mens gemaak, nie die mens vir die sabbat nie. Die hart van Jesus se vertolking van die wet is die liefde. Daarin moet ons Hom navolg.

Oor hoe God mense geskape het: Ek lees in die Bybel dat God man en vrou geskape het. Maar ek bely ook Artikel 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis waarin ons bely dat ons God ook ken uit “die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld”. In die skepping sien ek dat God ook mense gemaak het wat nie mooi in die kategorieë van man en vrou pas nie. Interseksmense het manlike en vroulike eienskappe. In die skepping sien ek ook dat God nie net heteroseksuele mans en vroue gemaak het nie. Daar is ook mans en vroue wat tot mense van hulle eie geslag aangetrokke voel.

Oor wat sonde is: Ek glo dat sonde in wese is om nie om te gee vir ander mense nie, of om hulle skade te doen. Dit leer ek by Jesus. Volgens Matteus 25 oordeel Hy diegene wat nie gesorg het vir dié wat honger en dors en naak en

vreemd en siek en in die gevangenis is nie. Dit is sonde teen medemens en dit is ook sonde teenoor God. God se wil wat ons moet gehoorsaam, is om mekaar lief te hê. As ons mekaar liefhet, sal die wêreld weet dat ons Hom liefhet. God verwag nie van ons 'n nougesette gehoorsaamheid aan reëls ten koste van ander mense nie. Dit was die Fariseërs se siening, waaroor Jesus skerp met hulle bots.

Oor verlossing en heiligmaking: Jesus verlos ons van sonde, en daarmee van 'n liefdelose lewe. As ons berou het daarvoor, word ons vergewe. Dan verwag Hy van ons om, soos Saggeus, daarmee op te hou en om mekaar lief te hê.

Dit lê in die hart van wat ek glo. Hieruit vloei 'n benadering wat gay-gelowiges aanvaar vir wie hulle is en wat vir hulle hoop gee, pleks daarvan om hulle moedeloos en depressief te maak.

Hier volg van die kommentare by kerkbode.co.za op Neels Jackson se brief

Frank Ehmke skryf:

Waarom is dit so moeilik vir mense om te aanvaar dat seksuele “andersheid” oral in die skepping voorkom? Van insekte, visse, diere, voëls, noem maar op – die “andersheid” is daar. Die gelowiges wat hulle beroep op die sewe of meer Bybeltekse wat volgens hulle homoseks-

sualiteit veroordeel, kom hulle ook die talle Ou-Testamentiese gesondheids-wette na? Kom hulle die swaers-huwelik/leviraat na en ook die duidelike verbod op bloedoortappings (die inneem van bloed)? Ek weet nie. Is daar dalk iemand wat kan sê? Apartheid was ook duidelik uit die Bybel geregverdig. En

vandag word dit as 'n sonde teen die mensdom beskou. Ek, en seker andere ook, is verward en sal leiding waardeer.

Philip Coetzee skryf:

Die voorafgaande skrywe verwys net na die gay-kwessie as maatstaf of voorbeeld vir dolering. As ons dieper delf in die beswaardes se rede tot dolering, sal

ons vind dat dit baie wyer gaan en dat die gay-kwessie net nog 'n bestanddeel in 'n kokende pot is, wat aangevuur word deur 'n verligte interpretasie van die Bybel. Hoe kan die mens hulle “lig” bo die van God s'n plaas? Sekerlik is die Skrif, in konteks met verstaan, 'n onveranderde lig (rigtingwyser) vir alle tye?


‘Ek is opnuut geïnspireer om te getuig’

Haar eerste boek van 2021 is aangehits deur al die mediadekking wat dit gekry het, skryf LETTIE BÜCHNER.

Ek vermoed mense se ontsteltenis oor die boek het dalk te make met die feit dat iemand wat sy hele lewe gewy het as 'n verteenwoordiger/medewerker van 'n opperwese nou, na aftrede, 'n boek skryf wat op die eerste oogopslag wil lyk (die media adverteer dit in elk geval so) asof dit weereens die NG Kerk en haar leierskap wil diskrediteer.

Ek moet sê ek beleef die boek glad nie so nie. Ek lees dit as 'n persoonlike vertelling van iemand wie se lewe en navorsing hom op 'n plek gebring het waar hy kies om sonder God te leef. Ek lees en ervaar hierdie ook nie as 'n bekeringsdokument ten gunste van post-teïsme nie. Ek hoop gelowiges gun Ben du Toit sy opinie en is groot genoeg om hulle eie geloof te bekyk vir wat dit is.

Ek lees hierdie boek en dit bring my tot 'n punt van diepe dankbaarheid dat ek nie alleen vir my eie geluk verantwoordelik staan nie. Ek identifiseer



100% met punt 7 oor hoekom mense nie van godsdiens afstand doen nie (uit vrees om self verantwoordelikheid te neem vir jou lewe en keuse). Die lewe bly vol keuses ... Ek kies om water redes ook al om in afhanklikheid te leef en ek gun mense wat die moed het

om Godvry te leef ook hulle keuse. Ek dink persoonlik dit vra meer geloof om in jouself te glo as in God. Een ding weet ek ook en dit is dat ek God nie dien vir 'n kaartjie na die hemel nie – intendeel, dit is vir die hier en vir die nou wat Hy vir my sin maak.

Ek wens wel ek het die kennis en vermoë gehad om vir elke argument teen God ook 'n boek aan te beveel wat die teendeel beskryf. Dit is mos darem nou nie die eerste keer dat die trilemma as die hoofdilemma rondom God aangevoer word nie. Die gesprek is so oud soos die berge ... vir sommige voer dit weg van God af, vir ander laat dit gryp na God. 'n Gewone boek wat my hiermee gehelp het was Tim Keller se *Walking with God through suffering and pain*. Net so met al die wetenskaplike bevindinge is daar honderde wetenskaplikes wat nie noodwendig by die punt uitkom waar hulle die baba met die badwater wil uitgooi nie. Hulle bevindinge bring hulle juis by 'n plek van dieper verwondering. Ek dink dit hang maar net af wat jy kies om te lees. En ek dink verantwoordelike gelowiges moet moeite doen om hulle juis

bloot te stel aan opinies wat teenoor hulle eie staan. En niemand hoef tog so gou ontsteld te raak as mense van hulle verskil nie. Daar is net soveel be- gaafde, intelligente mense wie se lewensverhale getuig van die shalom wat hulle gevind het toe hulle Christus leer ken het. Ek dink sommer aan CS Lewis se lewensverhaal.

Wat ek hoop is dat wanneer mense dié boek lees hulle opnuut sal weet dat God nie van ons vra om Hom te verdedig nie. Soos Ben self sê is ‘kindness’ en ‘decency’ die minste (of meeste) wat ons kan doen.

Ek is opnuut geïnspireer ‘to be a witness and not a judge’.

Ek besef opnuut hoe broos ego's is en hoe graag alle mense gehoor wil word.

Ek is opnuut naïef dankbaar dat God my sien en dat dit my bevry.

► *Ds Lettie Büchner is predikant van die NG gemeente Wellington.*

● Hierdie stuk het oorspronklik op Facebook verskyn en word hier met die skrywer se toestemming gepubliseer.

Belydenis van Belhar: 'O

Skryf 'n nuwe belydenisskrif in eenvoudige taal wat die gemeensaak in Belhar verwoord en daarop uitbrei, vra LOUIS BRITZ.

Ek het onlangs “In Gods naam” op YouTube gekyk. Dit is 'n dokumentêr wat handel oor die proses van eenwording tussen die NG Kerk en sy bruin en swart eertydse denominasievennote wat in die apartheidsjare geskeur het. Dit vertel die ryk stories, bevat onderhoude met wonderlike mense en handel veral daarmee dat die Belydenis van Belhar steeds 'n klip in die pad van eenwording is. Dat dit vir die bruin en swart kerk “ononderhandelbaar” is, en dat die NG Kerk in die breë steeds nie sy weg oopsien om dit as 'n belydenisskrif te aanvaar nie.

'n Stukkende kerk

Daar is nie 'n manier om na die stand van sake te kyk en nie te treur nie. Dit is 'n skeur in God se koninkryk wat gebeur het weens 'n geweldige sonde teen die mensdom. 'n Orkaan het 'n verwoestende pad deur die gereformeerde kerke in Suid-Afrika geïmploeg en duisende mense het seergeky. Geestelik gesproke kan 'n mens jou die skade aan God se koninkryk kwalik indink as 'n denominasievennootskap skeur weens die verwerping van rassegroepe wat aan hom behoort.

Nou, ek het deur die afgelope jare baie eggo's gehoor van die wit leiers van daardie tyd rakende wat die bedoeling was – dat daar dalk min rassehaat ter sprake was in die hart van kerkleiers wat probeer het om die tydsgees te bestuur. 'n Saak het twee kante en wie kan die motiewe van mense ontleed in besluite wat so lank terug geneem is? 'n Mens hoef eintlik net te vra wat het bruin en swart Christene beleef, en wat beleef hulle vandag nog? Wat was die feitelike uitspeel van die saak en hoe lyk die landskap vandag? 'n Mens vind matelose pyn en verwoesting in menseleuens en daarom is hierdie verskriklike sonde erken, bely en wil niemand daar-aan herinner word nie.

Ons glo egter nie net in die belydenis van sonde nie, maar in restituisie. In die regmaak van die saak. Nie net omdat dit verhoudings tussen mense herstel en die geskiedenis se verloop verander nie, maar omdat dit geestelike grondgebied terugneem wat in 'n oorlog verloor is – dat dit vir die generasies wat volg 'n beter geestelike landskap los om in kerk te wees. Ons glo dit is nodig selfs wanneer dit moeilik is – wanneer 'n nuwe geslag mense baie moet prysgee om dit te herstel wat 'n vorige geslag mense verloor het.

Ons glo dit wys karakterontwikkeling: Dat ons beter kan en wil doen as ons voorvaders. En dat die woorde

“Ons is jammer” beteken ons wil die skade herstel. Anders beteken dit niks, en dit is wat ons bruin en swart geloofs-familie beleef. Ons kan nooit al die skade herstel nie. Die geslag wat die swaarste gekry het is reeds oorlede, of so oud dat dit te laat is. Die kans is verspeel. Maar restituisie gaan nie net oor terugwerkende herstel nie. Dit ontsmet en werk wonde toe sodat die kanker nooit weer kan terugkom nie. Dit is die moeite werd om voor te veg, selfs wanneer die wit kerk eintlik “aanbeweeg” het en met nuwe brandpunte worstel.

Waar staan ons?

Hierdie stukkie agtergrond is ou nuus. Soveel so dat dit kerkleiers wat lank hiermee werk en worstel eintlik ergerlik maak. Dit is nie asof dit nie sedert 1994 ernstige aandag gekry het nie. Baie gesprekke met eerlike, boetvaardige gesindhede is gevoer. Belydenisse is gedoen en vergifnis is aangebied. Kompromisvoorstelle is by sinodes ingedien en aanvaar. Tonne vordering is gemaak en dit mag nie afgemaak word as 'n vlak, oneerlike poging nie. Maggies, dit is 26 jaar se “nader aan mekaar groei” waarvan ons hier praat en 'n nuwe, skoon stroom het die vuil water al probeer wegspeel met alles in sy vermoë. Op grondvlak is daar mooi stories van mense en gemeentes wat oor rasgrense heen hande vat en Christen-familiebande smee asof apartheid nooit bestaan het nie.

Vir baie mense maak dit nie eintlik saak of die denominasie op 'n amptelike vlak heel word al dan nie. Maar dit is krities belangrik. As jy die vlak verstaan waarop die skeuring plaasgevind het, die implikasies daarvan vir kerkverband en samewerking op 'n nasionale vlak, die feiteverskil wat dit steeds vir bruin en swart gemeentes kan maak ook op 'n kerkregtelike vlak, die geestelike krag opgesluit in leierskap wat bande herstel wat vorige leiers verskeur het, die landskap wat dit skep vir 'n nuwe geslag leiers om in te arbeid, die getuienis wat dit kan uitdra ... daar is redes waarom die pogings tot die eenwording van die denominasie al soveel aandag gekry het. Dit is regtig baie belangrik. Dit gaan nooit ophou belangrik wees nie. Elke lidmaat moet dit besef, daarvoor bid en daarvoor omgee. Dit voel dalk nie so nie, maar dit is 'n dringende saak.

Die goeie nuus is dat daar eintlik net een klip in die pad is, as 'n mens na “In Gods naam” kyk. Die slegte nuus is dat dit 'n rots is wat in 26 jaar nie wou skuif nie. Die Belydenis van Belhar bly vir die



Louis Britz.

Foto verskaf

bruin en swart kerk 'n belangrike dokument. Hulle onderhandelaars wil nie verder met wit broers en susters praat as die NG Kerk nie hierdie belydenisskrif wil aanvaar nie. Maar slegs enkele NG streeksinodes is bereid. Op nasionale vlak bly die NG Kerk daarteen gekant. Die kommentaar in die onderhoude in die dokumentêr spreek vanself, en ek moedig elke leser aan om dit te kyk. Ek wil nie die tyd neem om dit alles te bespreek of ontleed nie. Die geskiedenis is geskryf en een ding is seker: Dit kla die onderhandelaars aan en bevestig maar net wat ons almal weet – dat 'n “groundswell” van samewerking oor rasgrense heen nie die oplossing is vir leierskap wat weier om te skuif nie. Troepe kan nie die werk van generaals doen nie, en generaals nie dié van ministers nie. Daadwerklike, dringende leierskap is nodig. Pynlike geskiedenis, emosies, teologie en die regsraad van dokumente vermeng in die saak en dit is ingewikkeld om uit te pluig, en tog voel 'n mens dat 'n oplossing al gevind moes kon word.

Ek skryf omrede ek meer as ooit oortuig is van iets wat ek jare terug besef het hieroor. Die saak van eenheid was toe baie meer op die voorgrond as nou en ek het 'n artikel met my voorstel in aangestuur na 'n persoon hoog in die leierskap in die Algemene Sinode wat direk met die eenheidsgesprek gewerk het. Hy het nie gedink alternatiewe is nodig nie. Hy was deel van 'n verligte streeksinodes en oortuig dat die NG Kerk die Belydenis van Belhar maklik sou omarm en dat dit nie nodig was om na ander oplossings te soek nie. My in-

valshoek was anders, juis omdat ek in daardie seisoen baie met NG Kerke reg oor die land gewerk het en ek was baie seker dat die Belydenis van Belhar nie aanvaar sou word nie en dat die eenheidsgesprek op die rotse sou beland. My voorstel om dit te omseil was radikaal, maar ek was oortuig dat daar slegs een manier sou wees om by eenheid uit te kom. Hier is ons nou, vele jare later en nie nader aan eenheid nie. Ek wil dus weer dieselfde radikale voorstel maak en vra of diegene met die regte posisionering dit ernstig sal oorweeg.

Die toets vir 'n belydenisskrif

Laat vaar die poging om die Belydenis van Belhar aanvaar te kry as 'n belydenisskrif van die NG Kerk. Die poging sal bly faal en dit is alreeds 20 jaar te laat. Die punt is dat die konteks van die belydenisskrif, sommige mense wat dit opgestel het se politieke verbintenisse en selfs die naam daarvan vir te veel NG lidmate en leiers 'n probleem is. Daar is steeds baie agterdog daar rondom. Dit is 'n politieke produk, en al was dit in die hand van die slagoffers en aan die regte kant van die geskiedenis, bly dit vir die nageslag van die verdrukkers 'n stuk “bevrydingsteologie” en iets waarvan hulle wil wegkom. Hierdie redes is 'n werklikheid en dit is sosiale reëls waarbinne ons werk as leiers wat mense na mekaar toe probeer beweeg.

Daar is ook beter redes: Die taal van die belydenisskrif is omslagtig en in sommige artikels is die sinne so lank dat die bedoeling van dit wat bely word nie duidelik is nie. In ander artikels is die

orweeg dié radikale stap'

bedoeling weer duidelik, maar die manier waarop dit uitgedruk is lyk aanvegbaar. Dit is teologies oorbelaai en verwarrend (God versper immers nie die pad van die goddelose nie en laat weinig blindes sien. Hy is nie teen alle armoede nie, ensovoorts.) en dit doen vreemd aan vir die gewone Christen wat dit wil bely. Dit noem dalk nie genoegsaam wat die karakter van God van Christene vra nie en kan sterker wees in hierdie opsig. Dit meng ook teologiese en idiomatiese taal en ek kan aan beter maniere dink om die teologie daarvan in 'n belydenisskrif te vervat waarvan heden-daagse mense kan eienaarskap neem.

Dit hanteer iets eenvoudig en van kritiese belang wat 'n ernstige kerk moet kan bely, maar op 'n ingewikkelde manier. Teologiese kritiek teen die belydenis hou water omdat die taal van die dokument dit laat lyk asof saligheid (in ons taal "redding") hier ter sprake is, dat die hart van die evangelie geraak word, ook dat dit alle armoede en verdrukking oor dieselfde kam wil skeer. Dit is 'n gewone outydse taalkwessie, maar laat mense wat bevrydingsteologie vrees, se hare orent staan. Belhar is 'n belangrike stuk geskiedenis en vir ons bruin en swart familie is dit heilig, maar dit is nie 'n effektiewe belydenisskrif wat vir hierdie generasie en die volgende een iets gaan beteken nie – en eintlik hoop ons belydenisskrifte sal honderde jare staan.

Vir my as regsgeleerde is twee dinge duidelik: Eerstens dat die bedoeling van 'n dokument dit nie 'n goeie dokument maak nie. Dit is van enige wet of regulasie die waarheid. 'n Belydenis kan nie deur 'n hele denominasie van miljoene mense as deel van hulle geloof omarm word net oor die hart, geskiedenis, konteks en belangrikheid van die bedoeling daaragter nie. Die taal, strekking en eenvoudige suiwerheid van elke sin moet met die lidmaat wat dit bely, resoneer. So nie druipe dit die toets as 'n aanvaarbare belydenisskrif.

Tweedens, en van kritiese belang: 'n Belydenisskrif is bindend op die hele kerk want dit is 'n fundamentele dokument. As ons dit bely, sê ons wat ons gesamentlik glo en dat ons almal dinge wat daarteen indruis nie glo nie. Daar kan nie iets wees soos belydenisskrifte wat sommige gemeentes aanvaar en ander nie. So 'n uitkoms verwater die aard van alle fundamentele geloofsdokumente en laat gemeentede sonder ankers. Dit skep nie "ruimte" om nader aan mekaar te groei nie. Intendeel, dit skep verwarring oor waarheen ons enigins groei en waarop ons staan. Wat is die punt van 'n geloofsgemeenskap waarin almal nie dieselfde fundamentele dinge bely nie?

Is daar dan enigins 'n pad vorentoe wat eenheid inhou?

Kies die makliker moeilike pad

Ek hoop dat swart, bruin en wit gereformeerde leiers oortuig kan word tot die volgende oplossing wat durf sal verg: Skryf 'n nuwe belydenisskrif in eenvoudige taal wat die gemeensaak in Belhar verwoord en daarop uitbrei, deur kerkleiers van al die bevolkingsgroepe saam geskryf word, 'n nuwe naam het wat vir niemand geskiedkundig belaa is nie, gelyktydig in Engels, swart tale en Afrikaans geskep word en wat bindend is op al die kerke in die geloofs familie. Gebruik die geleentheid wat hierdie seisoen bied: Maak geskiedenis eerder as om geskiedenis te omarm. Kom op 'n plek byeen wat vir alle verdruktes vandag iets beteken om dit te onderteken. Mnr Mandela se sel op Robbeneiland, byvoorbeeld.

Vandag weet wit mense ook hoe dit voel om verdruk te word en kan hulle ook teologie omarm wat uiting gee aan God se liefde vir verdruktes, sy wrewel aan verdrukking en sy beroep op ons om een liggaaam te wees. Ek glo die meeste van ons is gereed vir so 'n belydenis en wil ook seker maak die kerk kan nooit weer 'n voertuig van verdruk-

king word nie. Skep 'n eenvoudige dokument met kort sinne wat gehoor gee aan al die eise van 'n gereformeerde belydenisskrif. Skep 'n soliede fundamentele sosiale kontrak. Maak seker daar is geen dubbelsinnigheid, emosie of ervaring te lees nie. Dit is verseker moontlik.

Ek wil nie 'n moeilike saak maklik laat klink nie. As dit maklik was, het eenwording lankal plaasgevind. Ek dink egter die regte moeilike ding moet gepoog word. Ek dink nie 'n bejaarde NG lidmaat in Sinoville kan oortuig word dat die woord "Belhar" vertrou kan word nie. Ek dink nie 'n tiener in Richardsbaai kan die Belydenis van Belhar lees en dit verstaan sodat sy dit kan bely nie. Ek dink nie jongmense vandag weet genoeg van die hartseer geskiedenis van die Belydenis van Belhar om dit om daardie redes te omarm nie en ek dink dit sou swak motivering wees. Ek dink ook nie 'n swart lidmaat in Atteridgeville weet wat Belhar is, of kan die belydenisskrif maklik in sy of haar eie taal verwoord en bely nie. Ek is seker dit gaan altyd 'n moeilike geveg wees om die Belydenis van Belhar aanvaar te kry en ek dink dit is die verkeerde geveg, veral oor die geldige kritiek teen die dokument. Selfs al slaag dit gaan 'n meerderheid lidmate dit nie in hart en siel bely nie, en dit maak dit 'n ongeslaagde belydenisskrif.

Ek is egter oortuig dat die moeilike geveg – om bruin, swart en wit leiers te oortuig tot die skepping van 'n nuwe belydenisskrif – gewen kan word en dat dit die regte geveg is. Ek dink leiers aan alle kante van die tafel kan die pyn van die verlede agterlaat en ter wille van dit wat in die hart van die Belydenis van Belhar staan – dat God ons tot eenheid roep – deur die Heilige Gees oortuig word om saam 'n belydenis te skryf waarmee swart, bruin en wit verdruktes kan weet dat God hulle liefhet en waarmee almal in eenvoudige taal kan bely dat die kerk eensgesind teen rassisme en verdrukking staan en kies om Jesus Christus se hande en voete hierin te wees. Dit voel soos 'n logiese en opwindende stap vir 'n eenwordende kerk in Afrika om te doen: Om saam 'n belydenisskrif op te stel wat 'n fondament vorm vir die eenheid. Dit is regtig 'n wonderlike geleentheid!

Die bruin en swart kerk sal ver moet buig om afstand te doen van die "ononderhandelbare" insluiting van die Belydenis van Belhar, iets wat vir hulle regtig heilig is. Die wit kerk sal ver moet buig om 'n belydenisskrif te skep en omarm wat van ons almal vra om God se liefde vir verdruktes te erken en ons tot aktivisme en diens daarteen roep. Die punt van onderhandeling en medi-

asie is om daardie insig te bring. Baie emosie en ook trots sal agtergelaat moet word. Onderhandelaars moet fyn gekies word, want pyn en onversetlikheid hoort nie by so 'n tafel nie. Ek glo met alles in my dat dit gaan gebeur.

Prof Hennie Stander maak 'n interessante punt in sy kommentaar op die film. Hy noem dat die tyd gekom het om van "Nederduits" afstand te doen, eerstens omdat min NG lidmate weet wat dit beteken, en tweedens omdat bruin en swart vennote dit 'n steen des aanstoots vind. Dit is miskien 'n gesprek vir 'n ander dag (of generasie) maar dit hoef nie 'n probleem by die onderhandelingsstafel te wees nie. Elke vennoot kom tog met sy eie handelsmerk na die tafel toe om onder 'n nuwe sambreel in te skuif. In 'n verenigde kerk behoort die naam dalk te wees The United New Reformed Church of South Africa / Die Verenigde Nuwe Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika, wat die volgende kerke insluit: Die VGK, die NG Kerk, The Reformed Church of Africa ... en so aan. Identiteit is belangrik. Dat dit verenig is, nuut is, gereformerd is en in Suid-Afrika is beskryf die identiteit korrek. Al die res is onderliggend en definitief belangrik in herkoms en geloof, maar nie in die oorkoepelende identiteit nie. Dink nuut ... dis tyd!

Vriende, ek weet ek het groot geloof, maar ek dink dit kan werk en ek weet dit is dringend. Die Covid-19-virus en selfdegeslag-verhoudingsdebat is op die voorblaai, maar ek is oortuig dit verslui hierdie belangrike saak wat nou tot 'n punt moet kom. Die virus sal verbygaan en seksualiteit, hoe belangrik en verdelend ook al, is niemand se identiteit nie. Maar die kerkeenheidsgesprek gaan oor 'n hele kerkgenootskap se identiteit. Mense word heel as hulle uitvind wie hulle is. Kerke ook. "In Gods naam" maak dit duidelik dat die gereformeerde kerk in Suid-Afrika nog nie sedert die einde van apartheid haarself kon vind nie. Maar eintlik weet ons wie sy is, want ons sien dit werk op die grond. Dit wat al in baie gemeentes en gemeentede se hande is, moet net onder hulle voete 'n fondament word. So gaan dokumenteer, en maak die kerk van Afrika vir ons kinders heel.

► *Louis Brittz (BLC, LLB) reis die afgelepe 27 jaar as mobiliserende liturg deur die wêreld. Hy skryf en begelei aanbiddingsmusiek, regisseur albums, uitvoerings en byeenkomste en lei gemeentes op in allerlei aangeleenthede in praktiese teologie. Die meeste van sy werk was in noue verbintenis met die NG Kerk. Hy is medestigter en direksielid van die #Imagine Jeugbeweging en werk tans as aanbiddingsleraar by Celebration Church Tri-Cities in Tennessee, VSA.*

“Die wit kerk sal ver moet buig om 'n belydenisskrif te skep en omarm wat van ons almal vra om God se liefde vir verdruktes te erken en ons tot aktivisme en diens daarteen roep.”

'Binnestander' bied tegelyk protes en pleidooi



JAMES KIRKPATRICK

Toe die boek *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* in 2000 verskyn, skryf ek 'n waarderende resensie vir *Beeld* (11 Junie 2001) daaroor. Toe was Ben du Toit vir my die skrywer van 'n insiggewende boek. Vandag, twintig jaar later, probeer ek weer iets oor 'n boek van Ben du Toit sê. Baie het in die 20 jaar gebeur. My Kindle-weergawe van *God: Is daar 'n ander antwoord?* het beslis nie R39,95 gekos soos die 2000-publikasie nie en ons het intussen goeie vriende geword. My skryfsel van 2001 was 'n resensie van 'n afstand af. Hierdie is 'n refleksie van nader. Van naby perspektief gepraat, wanneer Du Toit in hoofstuk 2 'n oorsig gee van sy "geskrewe voetspoor", is dit duidelik die verhaal van iemand wat intens betrokke was by die kerklike gebeure van sy tyd. Sy perspektief is dié van 'n binnestander. Hy praat nie van hoor-sê nie. Dit is maar een rede waarom die boek ernstig geneem moet word.

Die waarde van die boek lê veral op twee vlakke. Du Toit bied tegelykertyd 'n **protes** en 'n **pleidooi** (my tipering) wat ter sake sal wees vir enige een wat ernstig oor God, die kerk en die lewe wil dink.

Die protes is die sterkste van die twee stemme. Prof Piet Naudé het destyds die publikasie van 2000 al as "tegelyk onthutsend en verhelderend" beskryf. Dit is met *God: Is daar 'n ander antwoord?*

veral die onthutsende deel wat opval. Uit die eerste publieke reaksies op die boek is dit duidelik dat dit ontstel. In een reaksie word dit "gevaarlik" genoem en in 'n ander "nie goed vir mense se geestelike gesondheid nie". Du Toit word selfs as 'n priester van ongeloof beskryf. 'n Paar dominees het dadelik die tugreglement nader getrek en begin klagstate opstel.

Dit is nie vreemd dat 'n protes dikwels sulke reaksies uitlok nie. Daar is byvoorbeeld die interessante reaksie in die epiloog van die boek *Prediker* waarin die lesers gewaarsku word teen die protesstem van die *Prediker* (Pred 12:12-14), maar reg langs hierdie waarskuwende woord is daar ook in die epiloog 'n ander stem. Volgens *Prediker* 12:9-11 word die protes wysheid aangeprys as eerlik en prikkelend. Wie wil protesteer teen die gangbare teologie van sy tyd is dus in heel goeie geselskap.

Du Toit se protes is wydlopend. Dit raak die leierskap van die kerk, die wyse waarop die Bybel en belydenisskrifte gebruik word, die manier waarop die menswaardigheid van mense deur die kerk misken word en dan veral ook die kerk se taal oor God. Die slegte "track record" van godsdienste kom ook aan die orde. Du Toit hou nie terug nie. Hy verduidelik dat die verband tussen God en die kwaad hom by radikale gevolgtrek-

kings oor God bring.

Dit is goed so. "n Protes wat alte genuanseerd uitgespreek word, verloor sy krag as protes omdat dit die vinger van die wond verwyder" (Deist 1982). Du Toit plaas sy vinger op plekke waar dit seer maak. Na die eerste 90 bladsye moes ek eers 'n dag of wat asem skep. Om te hoor van sy laaste preek wat hy oor die ru verhaal van Tamar maak, bring die gevoel van verlies. Dit is skerp stokke wat seermaak, om nou maar weer *Prediker* aan te haal.

Van skrywers wat krities skryf, is al gesê dat hulle soos die hen is wat keikel terwyl die ander henne eiers lê. Du Toit kritiseer nie net nie. Die boek gaan nie op in protes nie. Sy werk in die kerk staan in die teken van 'n aanhoudende pleit vir 'n ander, meer geloofwaardige verstaan van God. In hoofstuk 3 lê Du Toit 'n paar eiers. Hy antwoord sy eie vraag. Is daar 'n ander antwoord oor God? Ja, vir hom is daar 'n onbetwiste en onaanvegbare antwoord. "Die antwoord is: Ek is 'n mens." Hy vind 'n radikale klem op menslikheid bevrydend.

Daar is iets konsekwent hierin, want Du Toit was in sy teologiese verstaan nog altyd diep verbind aan dié Jesus wat mense kom heel maak het. Die dieper grond van sy pleidooi (en protes) het met geloofwaardigheid en integriteit te doen. Dié twee begrippe kom onder-

skeidelik 35 en 53 keer in die boek voor. Hy kon in die ortodokse en dikwels fundamentalistiese taal van die kerk nie 'n geloofwaardige getuigenis oor God vind nie. Hy het sy lewe daaraan gewy om te kyk of die kerk nie kop- en hartskuive sou maak na 'n meer geloofwaardige spreke oor God nie. Hy het tou opgegooi. Sy pleidooi het op dowe ore geval.

Du Toit vra in hierdie boek wesenlike vrae. Dit is vrae wat in die harte van lidmate leef. Hulle kan nie meer met 'n kluitjie in die riet gestuur word nie. Hy reken voldoende af met 'n klomp vroom "cop out-antwoorde".

Ek sukkel egter met Du Toit se "ander antwoord". Die ander antwoord verken nie genoegsaam die kompleksiteit van die lewe en menswees nie. Dit hoor nie daardie *blue note* van Jazz waaroor Du Toit in *Sprakeloos oor God* (2003) skryf nie. Dit vul nie die lugleegte (*hebel*) waaroor *Prediker* lamenteer nie.

Ek sluit my refleksie voorlopig af met twee aanhalings:

"For every complex problem there is an answer that is clever, simple, and ... wrong." Henry Louis Mencken (1880-1956)

"God is eerder in die vraag as in die antwoord." Elie Wiesel in 'n onderhoud met Timothy Beal. (*Strange fire: Reading the Bible after the Holocaust*)

► *Dr James Kirkpatrick is predikant by die NG Kerk Stellastraat in Pretoria.*

Du Toit karteer pad wat hom na 'anderkant' God lei

LE ROUX SCHOEMAN

Seun word groot op 'sendingveld', studeer teologie, doen diensplig as jong man tydens die Grensoorlog, word gemeentedominee, lees wyd, kry later etiket van kritiese dominee/teoloog, verloor weldra geloof in God se bestaan, skryf daarvoor om die "konseptuele trajek" te verskaf in hierdie boek wat gelowiges op verskillende wyses en vir uiteenlopende redes sal uitdaag.

Ben du Toit het in sy lewe en loopbaan op die kansel gewroeg met sekerlik van die moeilikste goed waarop 'n mens die verstand kan loslaat: Vrae rondom God se bestaan en wil. Nou beskryf hy 'n "godvrye lewe" vir homself en die oortuiging dat die rede en noodsaak vir God by baie mense besig is om te verdwyn.

Die ouddominee trek hierdie breër verband vanuit sy eie belewenis van die afwesigheid van 'n hoër mag deur aan te sluit by denkers wat religie in geheel beskryf as deel van die evolu-

sionêre ontwikkeling van Homo Sapiens – iets wat ons sou doen vir psigiese sekuriteit en voordelige dinge soos troos, antwoorde, groepsgevoelens. Laasgenoemde breërmaak van die argument is wat die boek onderskei van 'n eng afgebakende persoonlike glo-storie en wat – tesame met Du Toit se jarelange prominensie as teoloog binne die NG Kerk – bydra tot die aktualiteit en nuuswaardigheid van die publikasie daarvan.

"Ek is daarom vandag al meer oortuig dat godsdienste in die balans van sake meer sleg as goed inhou. Godsdienste is nie goeie nuus nie," skryf Du Toit op bl 165.

Dit is onder meer op hierdie punt dat sommige lesers in die debat rondom die boek, wat laat verlede jaar gepubliseer is, gereageer het. "Ben du Toit se goed gedokumenteerde reis van behoudende gelowige en postmoderne teoloog tot post-teïs en volslae ateïs word kenmerkend van al hoe meer NG Kerk-teoloë," skryf Bernhard Ficker in

'n lesersbrief wat in Januarie op *Netwerk24* gepubliseer is. Hierdie "Disnie-net-Ben-nie"-argument sal waarskynlik nog 'n ruk talm in die NG Kerk, wat nie tans 'n tekort het aan spanning rondom teologiese opleiding en Skrifhantering nie. (Dit sou ironies wees dat juis 'n boek deur Du Toit 'n anti-intellektuele stroming in die NG Kerk in die hand werk).

Hoekom mense glo in God, is een laag van die boek. 'n Ander laag is meer persoonlik en dit is waar 'n mens ook frustrasie en emosie (veral in Du Toit se "laaste preek uit die Bybel") hoor. Die boek word beskryf as 'n bevrydende reis, maar dit het deurgaans hierdie leser laat dink aan die sêding uit 'n David Foster Wallace-skryfsel: "Everything I've ever let go of has claw marks on it."

Dit is immers nie asof Du Toit te midde van 'n persoonlike oorgang na aftrede of aangevuur deur frustrasie oor kerkdebatte wat op *Groundhog Day*-agtige wyse nooit regtig afgehan-

del word nie nou die kleinlettergord van rompslomp en notules waarwel roep ter wille van een of ander dieper spiritualiteit nie. Dit is die hele metafisiese boksemdais waarmee hy klaar is wanneer hy praat van post-teïsme.

Die wyse waarop die boek ontvang is, het reeds bewys dat dit vir diegene wat Du Toit se loopbaan in die kerk gevolg het en veral vir oudkollegas wat steeds in die NG Kerk is, problematiese leesstof is. Sy felste kritiek oor die kerk wat hy agterlaat is oor dié se onvermoë om die Belydenis van Belhar te aanvaar en oor die feit dat die 2019-besluit rondom selfdegeslagverbintenisse gays volgens Du Toit steeds "onderwerpe van bespreking en ooreweging vir volle aanvaarding van hulle menswees" maak.

Die konteks waarin hierdie uitsprake verskyn, mag dit vir sommige na 'n holle oorwinning laat klink. Ander mag die punte op meriete beoordeel.

► *Le Roux Schoeman is redakteur van Kerkbode.*



Foto: Robert Cable

'n Ontmoeting met Ben du Toit

Die reis na 'n antwoord ...

JACOBIE M HELENA

Ben du Toit kom op 'n Desembermiddag met sy motorfiets by die Joostenberg Bistro langs die N1 buite Kaapstad aangery ...

Ons gesels vir meer as 'n uur met die NG Kerk se voormalige kommunikasiehoof oor sy binnereis wat skielik aktueel geword het en boekklubs laat gons.

Tussen ons lê Du Toit se nuwe boek wat in November by LAPA verskyn het. Die drieluik-getitelde *God – Is daar 'n ander antwoord? 'n Bevrydende reis* se omslag beklemtoon die reismotief met 'n plaashek wat oopstaan.

In sy nuwe boek skryf Du Toit dat hy nie oor homself as ateïsties, agnosties of ongelowig dink nie. Maar dat hy, vanuit 'n "post-teïstiese" posisie, wil leef en strewe na 'n "radikale bevrydende humaniteit". Dit beteken dat hy nie meer in 'n transendente, metafisiese godheid of mag of energie wat sy lewe bepaal glo nie, verduidelik hy.

Maar voor ons by die boek en die gesprekke daarvoor kom, net gou 'n terugflits na hoekom die "status update" van hierdie oudleraar na post-teïsties die aandag van soveel aangryp.

Ben du Toit is op Nkhoma, Malawi, gebore, matrikuleer in die Strand. Ryg die grade in aan Universiteit Stellenbosch en later Universiteit van Port Elizabeth. Hy werk as dominee voordat hy in 2000 die direkteur van kommunikasie van die Wes-en-Suid-Kaapse Sinode van die NG Kerk word. Hy is ook "die verteenwoordiger van die NG Kerk wat,

saam met ander kerke, insette lewer by die nasionale Parlement se wetskrywende proses", leer 'n mens uit die elektroniese *Christelike Kernensiklopedie*. "Saam met (wyle) dr Kobus Gerber het hy in 2006 'n waagmoedige voorlegging oor homoseksuele burgerlike verbinde tisse aan die betrokke portefeuljekomitee van die Parlement gedoen. Hy was ook sameroeper van die NG Kerk se taakgroep vir leer en aktuele sake wat kerklik-teologiese standpunte formuleer. Daardeur het hy bekend geword as 'n leidende eksponent van kritiese teologiese denke binne die NG Kerk."

Nou sit ons voor hierdie 70-jarige man self: grys middelpaadje, raamlose bril en wakker, weerlose oë.

Hy omskryf die "radikale bevrydende humaniteit" as volg: Dit is om die volle menswaardigheid van mense op 'n radikale manier te erken en só bevryding, oftewel hoop, na te streef. Hy lees uit sy boek 'n definisie hiervoor voor, wat oorspronklik deur die Amerikaanse teoloog en filosoof Bernard Loomer gebruik is. Loomer praat van "the size of God" en beskryf dit soos volg: "By S-I-Z-E I mean the stature of a person's soul, the range and depth of his love, his capacity for relationships. I mean the volume of life you can take into your being and still maintain your integrity and individuality, the intensity and variety of outlook you can entertain in the unity of your being without feeling defensive or insecure. I mean the strength of your spirit to encourage others to become freer in the develop-

ment of their diversity and uniqueness. I mean the power to sustain more complex and enriching tensions. I mean the magnanimity of concern to provide conditions that enable others to increase in stature." Du Toit verduidelik dat dié woorde beskryf hoe radikale erkenning van menswaardigheid vir hom lyk, wat vry maak.

Vir Du Toit is dit belangrik dat mense verstaan sy huidige beskouing oor God en godsdiens is die resultaat van 'n proses en nie iets wat net skielik gebeur het nie. Hy gebruik 'n beeld: "Dis soos om op die Zambesirivier in 'n boot te wees. Die water is rustig. Alles is mooi, die diere, die plante. Maar geleidelik besef jy dat die water vinniger begin loop. Die water raak toenemend onrustig. En stadig maar seker is die ervaring nie meer lekker nie. Jou waarneming en verstaan van die rivier verander. En op 'n dag hoor jy 'n groot gedruis, wat al harder word en jy besef jy peil op 'n waterval af. En jy's bekommerd, want jy weet nie wat op jou wag nie. En dan, op 'n dag val jy af oor die rand en jy beland in die diep strome daaronder – en jy besef jy't dit oorleef – en rondom jou is dit mooi en rustig. Dis beautiful! Ek is OK. En 'n mens kyk op na die waterval en jy besef daar is nie 'n manier hoe jy weer daarbo gaan kom nie. Dis onmoontlik, maar dis OK. Dis beter. Hier waar ek nou is, is bevrydend," sê Du Toit.

Die wye reaksie op die boek was te wagt. Du Toit ken omstredenheid. "Ek het altyd geweet as ek skryf en as ek

preek gaan daar mense wees wat dit wat ek sê as bevrydend, stimulerend en met nuwe perspektiewe op hulle eie lewenspad beleef. Maar daar gaan ook mense wees wat nie daarvan gaan hou nie. En dis nogal sleg. Waarskynlik is dit te wyte daaraan wanneer 'n mens aan grense stoot?" mymer Du Toit.

So wat dryf Du Toit? "Dit is oor ek omgee. Ek gee ontsettend om vir mense. En vir mense wat swaarkry. Vir mense wat misken word. Seker daarom dat ek altyd aan die kant van die *underdog* is. En aan die kant van die stemloses." Só beskryf hy sy roeping terwyl die trane in sy oë opdam. In die boek gaan dit dus vir hom in die eerste plek om 'n ruimte te skep vir mense wat toenemend deur die kerklike geloofsge-meenskap ontnugter is. En hier gaan dit veral in die eerste plek oor geregtigheid, waarvan menswaardigheid die keersy van die munt is.

"Die boek beskryf op 'n sistematiese en rasioneel insigtelike manier my reis hiermee en bied redes aan hoekom ek nie meer in God glo nie. Geregtigheid en versoening staan vir my voorop en dit was uiteindelik my ontnugtering, dat die kerk, dat godsdiens nie daaraan uitdrukking kon gee nie."

Toe ons die gesprek afsluit en groet, stap hy na sy motorfiets. Hy sê: "Dis ongelooflik om in hierdie tyd te leef waar ons soveel inligting en kennis het wat jou opgewonde maak. Om te besef ek kon vir 'n tyd deel gehad het in hierdie lewe. En dit was goed."

Kry toegang tot Jeugfokus se aanlyn kategesemateriaal vir 2021

Die nuwe Jeugfokus-kategesereeks vir 2021 is nou aanlyn beskikbaar.

Hierdie reeks vorm die geloof van kinders en jongmense deur *blended learning*, 'n benadering wat aanlyn onderrigmateriaal, interaktiewe geleenthede in die erediens en huisgeloof kombineer met die meer tradisionele ontmoetings en gedrukte doenboeke of gespreksgidse.

Al die aanlyn materiaal is beskikbaar by <https://missio.org.za/product/jeugfokus>. Besoek gerus hierdie webblad vir meer inligting.

Ons nooi alle predikante, kategeleiers en kategete uit om by <https://missio.org.za/product/jeugfokus> te registreer en toegang tot die kategesemateriaal vir 2021 te kry. Vir elke ontmoeting is daar die volgende beskikbaar:

- * **agtergrondinligting** oor die Bybelgedeelte en die tema van die ontmoeting
- * riglyne vir 'n **kindermoment** in die erediens wat by die tema van die kategesa aansluit
- * riglyne vir 'n **huisgeloof**-gesprek
- * die **vloei van die ontmoeting** vir die vier verskillende ouderdomsgroepe
- * **hulpmiddels** en **bykomende inligting** vir die verskillende ontmoetings.



Die gedrukte doenboeke en gespreksgidse vir die katkisante kan op Jeugfokus se webtuiste aangekoop kan word. Klik hier vir meer inligting

www.jeugfokus.co.za

Daar is 'n doenboek of deelnemersgids vir elk van die volgende ouderdomsgroepe:



VOORSKOOSE KINDERS:
Jesus roep my

R65



JUNIOR FASE (GRAAD 1-3):
Jesus ken my naam:

R65



MIDDELFASE (GRAAD 4-6):
Jesus is ons Here

R65



SENIOR FASE (GRAAD 7-10):
Ek het U lief

R65

“Oor vyftig jaar van nou af sal dit nie belangrik wees hoeveel ek besit het, waarin ek gery het of waar ek gewoon het nie, maar die wêreld kan 'n ander plek wees omdat ek in 'n kind se lewe en geloof belê het.”

Preke: pause of fast forward?

Daar is drie struikelblokke wat gefrustreerde luisteraars na aanlynpreke na die afstandbeheer laat gryp, skryf CAS WEPENER.

Talle betreur dit wat verlore gaan in aanlynredienste en -prediking. Beide predikers en hoorders is egter bly oor ten minste twee winste wat die aanlynformaat gebring het.

Predikers is andersyds bly dat die hoorders nou uiteindelik die geleentheid het om, wanneer hulle 'n diep lewenswysheid of treffende kwinkslag kwytgeraak het, die "pause"-knoppie op die rekenaar of afstandbeheer te druk om weer daarna te luister.

Hoorders is andersyds bly dat hulle in die veiligheid van private ruimtes, ongesiens, dele van preke kan "fast forward".

Ek vermoed beide aksies gebeur gereeld, naamlik dat sommige preke gepause word omrede hoorders niks wil mis nie, terwyl ander preke weer ge-fast forward word omdat hoorders dele wel wil mis. Uiteraard is daar baie redes wat die keuse van die knoppie wat gedruk word, beïnvloed – vanaf teologiese aksente waarvan hoorders nie hou nie, tot en met blote verving. En dikwels is daardie uitdagende én vervelende preke wat ge-fast forward word, juis dié preke wat eerder deeglik beluister moet word. So, wat kan gedoen word om die aanhoor van preke, selfs wanneer fast forward 'n opsie is, te verbeter?

Opskorting van ongeloof

Een van die sondebokke waarom preke ge-fast forward word, myns insiens, is wat in die letterkunde "the willing sus-

pense of disbeliever" genoem word. Of ek graag wil luister en ook enduit wil luister, hang onder andere hiermee saam. Maar wat behels hierdie gewillige opskorting van ongeloof?

Die maklikste manier om die konsep te verduidelik, is aan die hand van storieboeke en films. Sommige mense tel 'n boek soos *Harry Potter* of *Lord of the Rings* op en kan hulleself dadelik laat meevoer na die fantasiewêreld in die boeke. Hulle spring in die boek in soos 'n mens op 'n snikhete dag in 'n koel plaasdam spring en bly daar tot en met die slotsin. Vir ander is dit weer onmoontlik en kry hulle dit gewoon net nie reg om gewilliglik hulle "ongeloof" in daardie fantasiewêreld tydelik, en vir solank as wat hulle lees, op te skort nie. Hulle staan met hulle tone en voel-voel aan die koue water, maar gaan nooit dieper in die dam in nie.

Ander lesers vind 'n historiese roman weer uitdagend, of 'n misdaadroller of magiese realisme. Daar is legio voorbeelde – vanaf films vol superhelde waarin sommige kykers hulleself kan verkneukel, maar wat ander koud laat, tot by kunselfilms wat party kykers se hart vermurwe terwyl hulle kykgenote op die bank langs hulle lê en snork.

Oorspronklik het hierdie gewillige opskorting van ongeloof veral gegaan oor die bonatuurlike, byvoorbeeld of 'n leser bereid is om vir die duur van 'n storieboek in spoke te glo. Later is dit veel breër gebruik en toegepas, soos dit

ook in hierdie bydrae gedoen word, naamlik dat hierdie houding nie net nodig is wanneer na sprokies of spookstories geluister word nie, maar vir enige literêre produk. En preke (ook eredienste) val in hierdie kategorie van literêre produkte, want predikers giet, bewustelik of onbewustelik, dit wat hulle sê in bepaalde vorms en skep met hulle woorde wêreld wat hoorders moet betree. Alle preke, net soos al die Bybeltekste, kom na ons in literêre vorms waardeur ons ons laat meevoer, of nie.

Die groot aanbod van inligting wat hoorders deesdae kry, maak luister na 'n tradisionele kommunikasiemedium soos prediking 'n al groter uitdaging. En op die oomblik is dit nogal maklik om 'n aanlynredienste met 'n Netflix-episode te vervang. Dit is daarom belangrik om soveel as moontlik struikelblokke wat luister bemoeilik, uit die weg te ruim. Drie redelik voor die hand liggende struikelblokke (daar is veel meer) wat hoorders die afstandbeheer laat gryp en preke laat fast forward of pause is vroe, voorbeelde en vorm.

Vrae

Soms gee preke antwoorde op vrae wat die hoorders gewoon nie vra nie. Uiteraard is dit van kritiese belang dat goeie preke gereeld hoorders roer en hulle help om sekere vrae wat hulle nie vra nie, wêl te vra, maar soms mis 'n preek gewoon die punt deur die verkeerde, of eerder vir die hoorders gewoon irrelevante vrae, te beantwoord.

Om by die regte vrae uit te kom, is

diepgaande Bybelse eksegetiese krities, maar ook eksegetiese van die leefwêreld van die hoorders. Gegewe die hoorders se leefwêreld, gaan dit veral oor teologiese sake. Homilete lê juis 'n groot klem daarop dat predikers die teologie wat in gemeentes en by hulle hoorders leef, baie goed moet ken en verstaan. En die teologie van gemeentes verskil onderling. Om die leefwêreld en teologiese kwessies van hoorders goed te ken, kan juis beteken dat goeie predikers bestaande vrae in 'n gemeente vervang met beter vrae. En as jy my vrae aanspreek, of my bestaande vrae verdiep, wel, dan mag ek jou dalk, nou dat ek kan, nie fast forward nie.

Voorbeelde

'n Tweede struikelblok wat daardie gewillige opskorting bemoeilik, hang saam met voorbeelde wat in preke gebruik word, oftewel preekillustrasies. As al die prediker se illustrasiemateriaal uit sportbeelde bestaan, maar die hoorders se leefwêreld neig meer na die kunste, of die prediker beskou haarself as 'n kunstenaar en rig alle preke so in, maar die gemeente is nie vertrouwd of stel werklik belang in die Ekspressionisme en Surrealisme nie, kan dit luister bemoeilik. Dit gaan hier oor 'n fyn onderskeiding wat behels dat die preek aansluit by 'n bepaalde konteks, én dit terselfdertyd uitdaag.

Vorm

Die laaste uitdaging is gewoon net vorm, preekvorm. Mense is storiëdiere. Daarom is die begin én die middel én die einde van 'n preek belangrik. Gryp my aandag. Behou dit. En, die belangrikste, as 'n preek klaar is, is hy klaar. Ek hoor nog prof Bethel Müller wat met 'n glimlag in klaspreke vir ons verduidelik dat ons aangehou het met praat nadat die preek reeds verby was. Dit gaan nie hier daarvoor om ook preke in 'n verbruikeristiese drukgang in te dwing nie, dit gaan oor 'n bietjie moeite met vorm omdat die inhoud van wat gesê word lewensveranderend kan wees.

Hierdie drie sake is egter nie net struikelblokke nie, hulle is juis ook 'n klein deel van die sleutel wat die aanhoor van preke dien. Sinvolle vrae, voorbeelde uit die hoorders se eie leefwêreld en moeite met vorm, soos ons dit ook in die Bybel vind, is 'n goeie beginpunt. Dit is belangrik dat die luister na preke gedien word, want soos prof Johan Cilliers jare gelede al geskryf het, is prediking 'n woord waarin God self ter sprake kom; waardeur mense kan verander, en waar iets van die geheimenis van Christus openbaar word. En ons het dit nou meer as ooit nodig dat preke om hierdie redes gepause word.

► Prof Cas Wepener doseer *Praktiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch*.

Klein venstertjies op God

Die roepende God

God se weë is nie ons weë nie. En sy gedagtes is nie ons gedagtes nie. Ons kies die "cream of the crop". Die supersterre. Maar nie Hy nie. Hy kies dié wat nooit plek in ons span sal kry nie: armes, vissermanne, ongeleerdes, ongeletterdes, onaanseienlike mense. Daarom dat Hy Petrus, Andreas, Jakobus en Johannes by die See van Galilea as sy dissipels roep: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak" (Mark 1:17). Onbegryplik. Maar so is God. So werk sy keuses.

Hy het hulle nie geroep omdat hulle gekwalifiseerd was of geskik vir die taak nie. Inteendeel. Hy moes sy ruwe dissipels in "vissers van mense" omskep. Mense wat omgee. Mense wat sy visie en plan vir 'n verlore wêreld deel. Mense wat God se visnette na verlorene met sy liefde, begrip, deernis en ontferming uitgooi. Dag na dag moes Hy aan hulle skaaf en hulle vernuwe, want ons bekwaamheid lê nooit in onself nie, maar in Hom wat ons roep.

Hy roep ook jou: "Kom hier! Kom saam met My, en Ek sal julle vissers van mense maak."

– Kobus Smit

fineartamerica.com/profiles/kobus-smit

Foto: Paternoster se vissers



VERSTAAN die Bybel

Impak van Grieks as wêreldtaal

MARIUS NEL

In hierdie reeks rubrieke kyk die skrywer na die gebeure wat die wêreld gevorm het waarin die Nuwe Testament geskryf is. Hierdie is die tweede aflewering.

Die tweede historiese gebeurtenis wat die ontstaan van die Nuwe Testament volgens Warren Carter beslissend bepaal het, is nie 'n veldslag nie, maar 'n vertaling. Een gevolg van Aleksander die Grote se verowerings was dat Grieks die voertaal van baie gebiede oos van Griekeland geword het. Met tyd het dit meegebring dat baie Jode binne en buite Israel eerder Grieks as Hebreeus gepraat het. Hulle kon dus nie meer hulle Hebreeuse geskrifte lees nie en daarom is daar be-

gin om hulle in Grieks te vertaal.

Die Brief van Aristeas uit die tweede eeu voor Christus beweer dat die eerste vyf boeke van die Ou Testament, die Pentateug, in twee-en-sewentig dae rondom die jaar 250 voor Christus vertaal is. Daar is egter redes om te glo dat dit veel langer geneem het. So is die boeke van die Ou Testament nie op dieselfde wyse vertaal nie. Sommige is meer letterlik vertaal as ander en enkels is selfs verkort. Die twee-en-sewentig geleerdes wat volgens die Brief van Aristeas in opdrag van die Egiptiese heerser Ptolemeus II die vertaling onderneem het, is later as sewentig gereken. Die rede vir die verandering is moontlik om dit te bely met die getal

oudstes wat die wet by Sinai ontvang het (Eksodus 24:9-11). Dit is dié getal wat die naam van die vertaling in Latyn geword het: die Septuaginta.

Die invloed van die totstandkoming van die Septuaginta op die Judaïsme en die Christelike geloof was enorm. Dit het aan Jode in 'n multikulturele wêreld die vermoë gegee om hulle unieke geloofsidentiteit te behou asook nuwe begrippe om dit mee te verwoord. Die volgende van Jesus het ook meestal uit die Septuaginta aangehaal wanneer hulle na die Ou Testament verwys het. So doende het hulle voortgebou op die herinterpretasie van die Hebreeuse geskrifte wat eeue vantevore begin het.

Dit verduidelik ook waarom sekere

Ou-Testamentiese aanhalings in die Nuwe Testament vandag nog verskil van hulle bewoording in die Ou Testament self. Baie van die Nuwe-Testamentiese aanhalings is naamlik vertalings van die Septuaginta-weergawe wat in die Griekse Nuwe Testament opgeneem is en nie van die Hebreeuse teks wat onderliggend aan ons vertalings van die Ou Testament is nie. So verwys die aanhaling van Jesaja 7:14 in Matteus 1:23 na "n maagd" wat swanger sou word, soos in die Septuaginta vertaal, terwyl die Hebreeuse teks na "n jong vrou" verwys sonder om te vermeld dat sy noodwendig 'n maagd was.

► Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch.

TERUG NA DIE TOEKOMS

JOHAN VAN DER MERWE

Vir duisende kinders en onderwysers beteken die begin van 'n nuwe jaar: Terug skool toe! Die Covid-19-pandemie het nie net in 2020 die onderwysjaar dramaties ontwrig nie, dit het ook die vergrootglas geplaas op die ernstige krisis waarin onderwys in Suid-Afrika gedompel is. Terwyl baie die skuld daarvan met reg op die skouers van die staat plaas, bied dit 'n unieke uitdaging aan die NG Kerk. Die band tussen kerk en skool loop immers soos 'n goue draad deur die geskiedenis van ons gereformeerde tradisie en daarom ook deur die geskiedenis van die NG Kerk.

Alhoewel die kerk voor die reforma-

sie reeds by onderwys betrokke was, het dit gedurende die reformasie nuwe momentum gekry. Maarten Luther het reeds in 1520 in 'n brief aan die prinse grootskaalse hervormings aan die skoolstelsel voorgestel. In 1524 het hy in 'n dokument *Aan die raadslede van al die stede in Duitsland met die oog op vestiging en onderhouding van Christelike skole* by die raadslede gepleit dat geld bewillig moes word vir die vestiging van 'n skool in elke stad en dorp. Johannes Calvin het voorts geskryf oor hoe skole in Genève georganiseer moes word en het veral klem gelê op die belang van die werwing van goeie Christenonderwysers. Dit is daarom ook nie

vreemd nie dat die Sinode van Dordt in 1618 bepaal het dat skole in al die dorpe en stede gevestig moes word, onder beheer van die plaaslike magistraat sou funksioneer en dat gratis onderwys aan die armes verskaf moes word.

Hierdie onderwysstelsel is deur Jan van Riebeeck in 1652 na die Kaap gebring waar die betrokkenheid van plaaslike predikante deurslaggewend was by die stigting van skole. Van die bekendste skole in Suid-Afrika is deur NG predikante gestig: Paarl Gimnasium in 1858 deur ds GWA van der Lingen, Grey Kollège in Bloemfontein in 1859 deur ds Andrew Murray jr en Paul Roos Gimnasium in 1866 deur ds JH Neethling.

In 2021 is gemeentes se betrokkenheid by plaaslike skole nie 'n luukse nie. Die geskiedenis leer ons dat dit deel is van die NG Kerk se DNS. Juis daarom is dit deel van die onmiskenbare roeping van elke gemeente. In die storm van die Covid-19-pandemie wat opnuut woed, sal plaaslike gemeentes 'n plan moet maak om ouers en onderwyspersoneel op elke denkbare wyse te ondersteun. Gebeur dit, word die verleentheid van 'n onderwysstelsel wat dreig om in duie te stort vir die kerk 'n onmisbare geleentheid.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

Onderwys en die kerk: Dit is deel van die NG Kerk se DNS

In pas met die lewende God

LOURENS BOSMAN

“Jy moet hier voor links draai,” sê ek.

Ons is op pad, my seun bestuur en ek navigeer.

“Is jy seker dis links, Pa?”

Hy vra dit nie omdat hy vermoed ek ken nie die pad nie. Hy vra omdat hy weet my links en regs raak deurmekaar. Ek hoor dit gebeur wanneer jy as 'n kleuter nie genoeg gekruip het nie.

In my diensplig was dit moeilik. Ek moes hard konsentreer om in pas te bly. En in ons getroude lewe het my vrou moed opgegee om met my te dans. My voete raak deurmekaar. Ek dink dit het alles met mekaar te doen – dit kom nie vir my natuurlik om in pas te wees nie.

Die naam van hierdie rubriek is: “In pas met die lewende God”. Dit kom van 'n handleiding wat gemeentes help om getrou te wees aan God se roeping. Dr Gert Cordier is die hoofskrywer en redakteur en dr Nico Simpson, hoof van Bybel-Media, het hierdie briljante naam vir ons gegee.

Die naam sê eintlik alles: Om getrou te wees aan jou roeping, moet jy in pas wees met God. Dit gaan egter nie oor marsjeer nie, dit gaan oor dans. In paswees met God beteken om deel te word van die dans van die Vader, Seun en Gees.

Dans is anders as marsjeer. Orals waar ek marsjeer het, het iemand bevele geskree. Dans is nie so nie. God dwing

jou nie om saam te dans nie, Hy nooi jou uit.

Dans is wel uitdagend. Daar is altyd nuwe style, nuwe ritmes en nuwe passies. Baie ballroom dansers sê die wals is die moeilikste. Ek sou dit nooit kon raai nie. Dit lyk so eenvoudig: één-twee-drie, één-twee-drie. Maar om dit regtig goed te doen, vra blykbaar baie oefening. 'n Mens kan jou hele lewe lank dans en daar sal altyd iets nuuts wees. Die dans met die lewende God is nog meer so: Dit bly jou lewe lank nuut en uitdagend. Dit het ons in die tyd van Covid-19 gesien: In hierdie tye moes ons allerhande nuwe passies leer.

Die dans saam met God vra ook nabyheid. Hierdie is nie van daardie soort

danse waar elkeen maar op sy eie aangaan nie. God nooi ons in, Hy wil ons naby Hom hê om sy dans te leer.

'n Mens kan alleen dans, maar dit is ook iets om saam met ander te doen. Om in pas te wees met God gaan oor jou privaatlewe, maar dit is ook sosiaal. Ons leer saam die beste met ander en ons dans ook die lekkerste saam met ander. Die dans waarheen God ons nooi, is privaat én publiek, op jou eie én saam met ander gelowiges.

God nooi jou in om saam te dans. Of dit vir jou natuurlik kom of nie, dit maak nie saak nie. Kom dans net!

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

‘Dans is anders as marsjeer’

Genade-teologie troef altyd 'n 'ja, maar'-teologie

Die hart van die Christendom lê nie by uitsluiting of afgrensing nie, skryf CHRISTO LOMBAARD.

Daar is 'n paar argumente binne die Christendom wat 'n mens darem nie maklik kan bou nie. Al is dit 'n hele paar keer al probeer.

Soos byvoorbeeld dat die Bybel nie sentraal moet staan nie. Daar is wel gelowiges wat sonder die Bybel glo, maar dit is 'n rare verskynsel. Vir die meeste gelowiges is die Bybel, hoewel self nie God nie, 'n onontbeerlike deel van die Godsverhouding. (Hierby skaar ek myself.)

Of byvoorbeeld dat God nie bestaan nie. Daar is inderdaad 'n piepklein groepie Christene wat sonder 'n Gods-belydenis hulleself onlosmaaklik as Jesus-volgelingen verbind, maar dit vergoingsprong wat vir die meeste gelowiges onhoudbaar lyk. Die daár-wees van God as nie net 'n groot idee nie maar as ook 'n werklikheid, is vir verreweg die meeste Christene gewoon 'n gegewe. (Hierby skaar ek ook myself.)

Of byvoorbeeld dat die evangelie nie vir almal ewe is nie.

Laasgenoemde argument eggo minstens onderlangs deur onder andere die gesprekke tussen verskillende godsdienste heen, en binne die kerk-enstaatsverhoudingsalternatiewe. Maar om binne die kerk – dit wil sê, binne die geloofsgemeenskap van mense wat hulleself geheel aangeneem en opgeneem vind binne die Bybel-Drie-eenheid-Gods- en naasteliefde heelal – te wil sê wie is meer aanvaarbaar voor God as wie, loop sigself altyd tromp-op vas teen presies daardie heelal. Binne die Bybel-Drie-eenheid-Gods- en naasteliefde heelal is almal welkom. (Hierby skaar ek myself eweneens.)

Die stryd oor wie voor God en dus binne die geloofsgemeenskap aanvaarbaar is, loop die ganse Joods-Christelike geskiedenis deur. Binne die Ou Testament sien ons byvoorbeeld die debat tussen die Moses-aanhangers (wat glo, ons vind God ten beste deur die Skrif) en die profete-aanhangers (wat glo, ons vind God ten beste deur direkte openbaring). In die Nuwe Testament, sien ons byvoorbeeld die verwikkelde stryd: Is Christus se betekenis primêr vir Jode, of eweneens vir nie-Jode? Primêr vir mans, of eweneens vir vroue? Primêr vir vryes, of eweneens vir slawe? Primêr vir volwassenes, of eweneens vir kinders?

Dikwels bly die antwoorde op hier-

die vrae implisiet, sonder 'n gebod wat gebulder word, maar die praktyk wys: By God, by Jesus is almal volledig welkom.

Dade trek ...

Teologies lê hieragter die genade-teologie, waarsonder die Christendom op geen manier kan bestaan nie; wat altyd almal weer nooi. Hoe swaar die ander kompeterende teologieë ook weeg, hulle "Ja, maar"-teologie is altyd te lig bevind teenoor die genade-teologie. En so sal dit bly. Binne die Gods- en naasteliefde heelal lê die gelykenis van die barmhartige Samaritaan aan die hart. Elke "Ja, maar"-alternatief daarop is 'n tree weg van die hart van die Chris-

tendom.

Tog sukkel mense binne die kerk dikwels om aan hierdie harts-gelykenis getrou te bly. Hoe lank het die kerk aan slawerny as Godswil bly vashou? Aan die uitsluiting van rasgroepe? Aan die verkleinliking van vroue?

Daar is nou maar eenmaal argumente binne die Christendom wat 'n mens darem nie kán bou nie. Al is dit probeer. En elke keer was dit inherent on-Christelik.

Dieselfde nou weer, wêreldwyd die afgelope dekades, en fêl die afgelope dae binne die NG Kerk, rondom gay-wees.

Dieselfde belewenisargument is in hierdie geval net so geldig as met die ander sake hierbo genoem: 'n Mens hoef nie self 'n slaaf te wees om aan te voel hoedat slawerny alles verraai wat Christelik is nie. Dit is nie net swart mense wat raaksien hoedat rasse-uitsluiting in 'n kerk on-Christelik is nie. Nie net vroue weet hoedat geslagseenkantigheid indruis teen Jesus-vogeling wees nie. En 'n mens hoef nie gay te wees om, presies net so, te besef hoedat om téén gay-wees te werk in die kerk, net nie pas by gelowige-wees nie.

In al hierdie gevalle was daar eeuelange kerkgebruik wat die verkeerde ding gedoen het. (Sondaars, almal. Wat sonder die genade net nie kan nie. Soos ons.)

Net so, is telkens Bybelverse bygehaal, naamlik om te sê, "Ja, maar ...".

Want in elkeen van hierdie gevalle, lê die gesprek reeds daar in die Skrif, in die kerk der eeue en in die samelewing. Die debatte oor wie in die kerk voor God meer waardig sou wees as ander, kom gereeld weer draai.

En telkens is die uitkoms implisiet, sonder 'n bevel wat gebulder word, maar met die praktyk wat uiteindelik wys: By God, by Jesus is almal volledig welkom.

Dade trek ...

Om dié genade-teologie uit 'n ander hoek te beskryf:

In Europa tans, moet groot dele van daardie vasteland 'n breë diversiteit hanteer as waarop die mense intellektueel, emosioneel of kultureel voorbereid is. Binne die nasionalisties-georiënteerde groepe daar vind 'n mens redelik gereeld 'n grype na 'n Christelike identiteit. Die argument is dikwels iets soos, "Maar ons is 'n tradisioneel Christelike land", en daarom moet ons – noem

maar op – immigrante van ander lande, van ander vastelande en met ander gelowe en gebruike hier uitweer. Ons grens onself af.

Die ironie is dat die hart van die Christendom nie lê by uitsluiting of afgrensing nie. Die Jesus-gebeure nooi juis almal in. Logieserwys sou die argument dus iets moes wees soos, "Ons is 'n tradisioneel Christelike land", en daarom moet ons immigrante van ander lande, van ander vastelande en met ander gelowe en gebruike hier welkom heet.

Dat dit 'n gesukkel is, ontken niemand nie. So is die mensdom.

Maar as jy sentraal aan jou wese vind die heelal van Gods- en naasteliefde, met as kern-gelykenis die barmhartige Samaritaan, dan wys jy nie weg nie. Jy nooi in. Met 'n verwelkomingsbeker koffie. En brood en wyn.

Om die genade-teologie nogeens anders te beredeneer:

Wat my bly verbaas, is hoedat mense wat só sleg hanteer is deur maghebbers en/of magsoekers en/of soms ketterjagters binne die Christelike geloofsgemeenskap, nie die geloof verloor het nie. Dit sluit in kerkmense met slawerfenis of 'n rasverdrukkingsgeskiedenis, vroue en gay mense, wat hulleself steeds fundamenteel, onlosmaaklik bly verbind aan die Bybel-Drie-eenheid-Gods- en naasteliefde heelal. Op 'n manier red sulke gelowiges die kerk, vir dié van ons wat ook net uit die genade leef en glo.

Hierin lê vir my 'n persoonlike ironie: dat dit meestal mense is wat soos ek lyk wat die geloof van buite aanval – wit heteroseksuele mans met genoeg van als wat 'n mens mag gee. En meestal is dit ook binne die kerk mense met dieselfde profiel wat ongenadige teologie probeer worstop die kerk in. Ek kry min van geloofswaarde by sulke mense. Ek glo makliker, meer en beter weens "kerkmense met slawe-erfenis of 'n rasverdrukkingsgeskiedenis, vroue en gay mense, wat hulleself steeds fundamenteel, onlosmaaklik bly verbind aan die Bybel-Drie-eenheid-Gods- en naasteliefde heelal".

Om hét ewe is dit.

► *Christo Lombaard is Navorsingsprofessor: Christelike Spiritualiteit aan Unisa. Sy doktorsgrade is in die Kommunikasiekunde (NWU) en Ou-Testamentiese Teologie (UP).*

“**Die ironie is dat die hart van die Christendom nie lê by uitsluiting of afgrensing nie. Die Jesus-gebeure nooi juis almal in.**”

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

NG KERK

BEROEP: Dr Retha Kruidenier en prop Jan Mari du Toit na Mootvallei; prop Morne Jacobs vanaf Eldoraigne Familielkerk na Paardekraal-Monument; prop Jacobus Adriaan Maass na Swartland, Malmesbury; ds Q Scholtz van Klerksdorp-Doringkruin na Oudtshoorn-Park; ds Kobus Vermeulen van Virginia na Douglas.

AANVAAR: Ds Rupert de Koning vanaf Meerensee, Richardsbaai, na Montagu; ds Christo Swarts van Mariental, Namibië na Schweizer-Reneke; dr Philip Venter (emeritus) na Calitzdorp.

WES-KAAPLAND**BEVESTIGING**

Prof Cas Wepener is beroep as gekoppelde predikant na Stellenbosch Moedergemeente met die opdrag Teologiese Opleiding (Dosent in Praktiese Teologie).

Prof Wepener is op 29 Nov 2020 tydens die erediens bevestig. (Leana McLean, Kantoorbestuurder, 26.11.2020).

Ds John Holtzhausen van Amalia het die beroep na Klaver aanvaar. Sy bevestiging sal plaasvind DV op Sondag, 7 Feb 2021. (Helene Greig, Skriba, 01.12.2020).

Ds PG Scholtz (emeritus) van die NG Kerk Durbanville-Bergsig het die beroep na die NG Kerk Prins Albert aanvaar vir 'n termyn van drie jaar. (Adele Hattingh, Skriba, 08.12.2020).

Ds Leon Jacobus Venter het die beroep na NG Kerk Graafwater aanvaar. Volgens beplanning sal hy op Saterdag, 30 Jan 2021 bevestig word. Sy intreepreek vind plaas op Sondag, 31 Jan 2021. (Henriëtte Engelbrecht, Skriba, 23.12.2020).

EMERITAAT

Ds Lourens Christiaan Geldenhuys het op 13 Des 2020 sy emeritaat ontvang vanuit NG Kerk Kenridge. (Ds Wouter Olivier, Skriba, 08.12.20).

OOS-KAAPLAND**BEVESTIGING**

Kerkbode het verkeerdelik geskryf dat ds Luané McLachlan op Sondag 8 November 2020 in die Aberdeen-gemeente bevestig is. Sy is deur ds Abé Beyers van Aberdeen by Murraysburg-gemeente bevestig. Ons is jammer oor die fout. – Red. (Renée Swanepoel, Skriba, 12.11.2020)

NOORD-KAAPLAND**EMERITAAT**

Ds Daniel Gerber van Douglas-gemeente het op 30 Nov 2020 geëmeriteer. Sy akte van emeritaat is op 29 Nov 2020 tydens die erediens aan hom oorhandig deur ds Christo de Witt, namens die Ring van Griekwastad. (Hannelie Ollweggen, Skriba, 30.11.2020).

KWAZULU-NATAL**KENNISGEWING**

Die ses-en-negentigste sinodevergadering van die

NG Kerk in Kwazulu-Natal word beplan vir 16-18 Maart 2021 by NG Hayfields, Drydenweg 51, Hayfields, Pietermaritzburg 3201. (Ds Marlize Malherbe, Skriba, 10.12.2020).

GOUDLAND**BEVESTIGING**

Ds CJ Schoeman het die beroeping na NG Kerk Delareyville-Oos aanvaar. Hy is op 6 Des 2020 in die gemeente bevestig. (Jacomien Pretorius, Saakgelastigde, 21.12.2020).

Prop Morne Jacobs het die beroep na NG Kerk Paardekraal-Monument aanvaar. Hy tree op 1 Februarie 2021 in diens van die gemeente. (Annatjie Hughes, Saakgelastigde, 11.01.2021).

HOËVELD**EMERITAAT**

Hiermee word kennis gegee dat ds Christo Brümmer van die NG gem Norkempark op 30 Nov 2020 emeritaat aanvaar het. (Liezl Barnard, Skriba, 30.11.2020).

BM sê: Dankie aan lesers vir steun aan Kinderkerskousprojek

“Om 'n boodskap van omgee en hoop in moeilike tye aan kinders oor te dra.”

Só beskryf Hannelie Matthee, Bybel-Media se donateurskamel, die doel van

die Kinderkerskousprojek wat goed op dreef is ná ruim skenkings deur onder andere *Kerkbode*-lesers.

“Ons stoei nie net met ongeletterdheid en die swak leesvermoë van kin-

ders nie, maar ook met 'n gebrek aan geestelike blootstelling,” aldus Matthee. “Bybel-Media wil by hierdie uitdagings betrokke raak deur die lees-met-begripvermoë van kinders te bevorder én hulle geestelike ontwikkeling te ondersteun,” verduidelik sy.

Die Kinderkerskousprojek bestaan uit:

- Geskenkkouse gevul met Kinderbybelstories, Bybelse aktiwiteitsboeke en ander opvoedkundige boeke wat vanjaar by onder meer kinderhuise en skole uitgedeel sal word.
- Die ontwikkeling van nóg Bybelse kinderprodukte omdat ons glo dat hierdie geloofsvormende boeke 'n verskil in 'n kind se lewe kan maak.

Kerkbode het in November 2020 aangekondig dat ons voorts kragte sal saamsnoer met hierdie projek deur enersyds alle bydraes tot ons jaarlikse Kersfonds daarin te stort en deur andersyds ons tradisionele Kersfonds-begunstigdes te inkorporeer by die Kinderkerskousprojek se begunstigdelys. “Ons hou van samewerking,” sê Le Roux Schoeman, *Kerkbode* se redakteur. Bybel-Media ontwikkel al jare lank geestelike materiaal vir kinders, en kursusse vir jeugleiers en fasiliteerders in gemeenskappe met geestelike nood. “Ons glo dat hier-

die projek 'n werklike nood kan aanspreek,” aldus Schoeman.

Kerkbode-lesers ondersteun jaarliks op ruimhartige wyse die Kersfonds. In 2019 het ses individue, een sinode en 30 gemeentes bydraes gelewer en is 'n bedrag van altesaam R158 705,35 ingesamel.

In 2020 het *Kerkbode* teen 12 Januarie 2021 reeds R66 107 se Kersfondsdonasies ontvang. *Kerkbode* en Bybel-Media bedank alle lidmate, lesers en gemeenteleiers vir hierdie ruim skenkings.

Ons sal in hierdie ruimte verder verslag doen oor vanjaar se Kinderkerskousprojek.

• Let wel: Die bankbesonderhede vir Kersfondsskenkings is verander om die proses meer vaartbelyn te maak. Die nuwe bankbesonderhede vir voorneemende donateurs is:

Rekeningnaam: BYBEL-MEDIA
Abs-rekeningnommer: 40-5118-1699
Tak: ABSA BANK WYNLAND
Takkode: 632005
Swift-kode: ABSAZAJJ
Verwysing: e-pos en naam

Kontak Hannelie Matthee, Hoof: Finansies en Donateurskamel, per e-pos by hannelie.matthee@bmedia.co.za met enige navrae.



Hannelie Matthee, Hoof: Finansies en Donateurskamel by Bybel-Media.

Foto verskaf

Radio Kaapse Kansel 729AM

Skakel in op Radio Kaapse Kansel 729AM. Dis AM, nie FM nie, so maak seker jy druk die AM/MW knoppie op jou radio en kies dan 729.

Laai die *Radio Cape Pulpit App* gratis op jou slimfoon.



info@kaapsekansel.co.za

Om te adverteer in *Kerkbode*,

kontak Hanlie Raath:

Sel: 072 357 8914.

E-pos: woes@mweb.co.za

AKKOMMODASIE

BELLVILLE: Selfsorgteenheid vir 4. Veilige parkeer. Naby Tygervallei. Billike tariewe. Skakel Alta 021 919 7161.

BLOEMFONTEIN

Oornagverblyf. DStv, lugreëling, badkamer. Veilige parkeer. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf: R250. Skakel Hanlie, 084 400 2693. hanlidevilliers@webmail.co.za

KRUGERSDORP-NOORD: Gedeelte van woonhuis te huur in gevestigde tuin. Ideaal vir 'n eenmansaak bv beradingskamers ens. Naby besighede. Kontak E Swanepoel by 073 587 7242.

**VAKANSIE-
AKKOMMODASIE**

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoningstel aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parkeer. Vanaf R600pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL. 2 slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

**REEBOK/TERGNIET
(MOSELBAAI)**

2 slaapkamerwoningstel (slaap 4) aan huis. Volledig toegerus. Baie netjies. Private tuin, onderdakbraaigeriewe. Dwarsdeur die jaar beskikbaar. Geen troeteldiere. Skakel 083 651 4517.

ST. LUCIA: Bly twee dae in ruil vir R750 pd en kry 'n derde dag gratis. Ten volle toegeruste selfsorgmeenthuis met DSTV en WiFi in veiligheidskompleks. 3 slaapkamers, slaap 6, 2 badkamers. Jammer geen troeteldiere. Aanbod geldig tot 1 November 2020. 035 590 1098, wetlands@iafrica.com


UVONGO: Selfsorgwoningstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R480 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

PRETORIA/CLYDESDALE

**Tuinwoningstel naby Universiteit Pretoria en Loftus.
R4 500 pm**

Tarief sluit water in, elektrisiteit word apart gemeet. Was-kamer geriewe en internet is beskikbaar teen addisionele fooi. Geen lawaaimakers nie. Plek is sopas nuut uitgeverf. Meubels kan voorsien word uitgesonderd bed en mikrogolfoond.

Kontak Jan Vermaak 084 588 4357

**WINKLESPRUIT**

Vakansieverblyf: Ruim 4 slaapkamer eenheid met 2 badkamers en groot leefruimte en stoep. DSTV in woningstel. Loopafstand van strand af. 3 km van naaste inkopiesentrum. Kompleks het swembad en braaigeriewe. Koopkrag. Bring slegs bad- en swemhanddoeke. R2 000 binneseisoen en R1 800 buiteseisoen pn, slaap 10. Geen troeteldiere. Kontak ons by 081 038 9857. Sleuteldeposito – R500 terugbetaal.

NG KERK KOMATIPOORT**VAKATURE: VOLTYDSE LERAARSPOS**

In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad hierdie pos bekend vir aansoek.

OMGEWINGSPROFIEL:

Komatipoort is 'n plattelandse dorp geleë langs die N4, 100 km vanaf Nelspruit op pad na die Mosambiekgrens. Die gemeente se grense is: die Krugerwildtuin (noord), Mosambiek (oos) en eSwatini (suid). Die hoof- ekonomiese aktiwiteite in ons streek is boerderye en aanverwante besighede. Die dorp beskik oor die noodsaaklike infrastruktuur, kleuterskole en 'n skool wat leerders vanaf gr 1 tot gr 12 akkommodeer. Hier is ook vyf dokters op die dorp.

GEMEENTEPROFIEL:

Die gemeente is gestig op 1 November 1962. Die gemeente bestaan uit drie gedeeltes nl dorp, plase en Marlothpark (natuurpark – grootliks afgetrede lidmate). Die gemeente bestaan uit 445 belydende, 169 doop- en 17 ongedoopte lidmate. Die gemeente is verdeel in 23: agt dorpswyke, agt plaaswyke en sewe Marlothparkwyke. Die NG gemeente Komatipoort onderskryf die drie algemene belydenisse asook die drie Gereformeerde belydenisse omdat dit met die Woord ooreenstem.

LERAARPROFIEL:

'n Gelegitimeerde leraar van die NG Kerk wat begrip en liefde toon vir 'n plattelandse gemeenskap se unieke behoeftes en omstandighede.

Die volgende is vir die kerkraad baie belangrik:

1. Iemand wat die Here liefhet en 'n roeping het om in sy diens te staan.
2. Iemand vir wie Skrifgetroue Bybelse lering voorop staan asook die suiwer Gereformeerde leer soos verwoord in ons ses belydenisskrifte.
3. Passievol oor die erediens en aanbidding daarvan.
4. Pastorale versorging is baie belangrik.
5. Beskik oor leierseenskappe om die gemeente in alle fasette (erediens, kategese, Bybelstudie, gemeentelike bediening ens) te laat groei.
6. Die aansoekers moet verkieslik tussen 34 en 46 jaar oud wees, getroud, met kinders.
7. Die ampspligte soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde.

VERGOEDINGSPAKKET: Volgens sinodale riglyne. 'n Ruim pastorie is beskikbaar.

AANSOEKE:

'n Volledige CV met die name en kontakbesonderhede van drie referente moet tesame met die vraelys, wat by die kerkkantoor aangevra moet word, gestuur word aan die gemeente. CV moet verkieslik nie langer as vier bladsye wees nie. Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n persoonlike onderhoud en moontlike preekbeurt.

STUUR AANSOEKE NA: E-pos: ngkomati@gmail.com

SLUITINGSDATUM VIR DIE AANSOEKE: 19 Februarie 2021.

Datum van diensaanvaarding: 1 April 2021.

NAVRAE:

Ds Willem Nortjé: 082 850 8807

Gert Vermaak: 082 452 0897

Jannes van der Merwe: 082 579 9000

Ria Pohl: 013 793 7044 (Kerkkantoor, Ma-Vry: 8:00-13:00)

Die kerkraad behou hom die reg voor om, sonder opgaaf van redes, geen aanstelling te maak uit die aansoek wat ontvang is nie.

La Crete Sands

VAKANSIEVERBLYF IN UVONGO

Hierdie 3-slaapkamer, 2-badkamer selfsorgteenheid met gemeenskaplike swembad is slegs 150 m vanaf die strand. Met 'n groot bedekte stoep, ingeboude braaiplek en 'n fantastiese see-uitsig, is hierdie die perfekte wegbreek. Die eenheid slaap 6 en is ten volle toegerus met gratis Wi-Fi, DSTV en toesluitmotorhuis.

Vir kwotasie en beskikbaarheid, kontak Marius op:

vissermarius1@gmail.com of WhatsApp: +965 50551081

(Kompeterende laag-, hoog- en piekseisoentariewe geld)

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



In die slaapkamer, langs die bed ...

Iewers in die grendeltyd het ek weer na daardie skildery van Vincent van Gogh gaan kyk, sommer op my rekenaar se skerm.

Ek praat van die een wat hy geskilder het van die huurkamer in Arles in die suide van Frankryk waar hy vir 'n ruk gewoon het – een van sy bekendste skilderye: 'n bed, twee stoele, en 'n tafeltjie. 'n Handdoek aan 'n haak by die deur. 'n Spieël teen die muur. Net dit. Sy kamer.


Die eenvoud en alledaagsheid daarvan het my aangegryp toe ek die skildery jare gelede vir die eerste keer in 'n kunstboek sien. Die bed en die twee stoele is aan die ou kant. En daardie skottel en lampetbeker op die tafeltjie lyk nes dié wat in ons oumas se huise was. Jy wonder dadelik oor die een wat in dié kamer woon. Jy verbeel jou jy ken hom.

Dáárna, dink ek, het ek anders na mense se slaapkamers begin kyk.

'n Slaapkamer is 'n intieme plek. Daar haal jy jou masker af. Daar lê jy snags weerloos en droom, het jy gedempte argumente, bid jy, maak jy liefde, bly jy agter toegetrekte gordyne lê as jy die dag siek of vermoed en belas is. Dit is jou veilige vesting.

Kom ek in iemand se slaapkamer, dit gebeur nie gereeld nie, kyk ek dikwels eerste wat is op die bedkassies as daar meer as een kassie is. Van jou nodigste goed hou jy op die bedkassie. 'n Bybel. 'n Horlosie. Boksies en botteltjies pille en medisyne. 'n Flitslig. En deesdae dalk 'n skokstok of 'n houer met peperproei in.

Kort nadat my ma een Septembermiddag in 1998 op Ventersdorp oorlede is, was ek by haar in die plaaslike hospitaal. Ek kon vooroor buig en haar op haar koue voorkop soen. Terug by die huis het ek by haar leë bed gaan staan en na die goed op haar bedkassie gekyk: 'n wekkertjie, 'n potjie Vicks, 'n leë pakkie Cameo-sigarette, 'n boks Gary Playermansnesies. Eers tóé het ek gehuil.



"'n Jaar of twee gelede was ek by 'n tante vir wie ek baie lief was in 'n ouetehuis," skryf Dana. "Sy was nie gesond nie. Ek het op 'n stoel langs haar bed gesit. Net voor ek weg is, het ek vinnig 'n foto met my selfoon van haar bedkassie geneem. Sy is 'n maand gelede oorlede, daardie tante. Covid-19."

Foto: Dana Snyman

Die besittings naaste aan jou sê nogal iets van hoe jou lewe geword het.

'n Jaar of twee gelede was ek by 'n tante vir wie ek baie lief was in 'n ouetehuis. Sy was nie gesond nie. Ek het op 'n stoel langs haar bed gesit. Net voor ek weg is, het ek vinnig 'n foto met my selfoon van haar bedkassie geneem.

Sy is 'n maand gelede oorlede, daardie tante. Covid-19. Ek het weer na daardie foto van haar bedkassie gekyk toe ek dit hoor: bril, kam, ou Panasonic-selffoontjie, oogdruppels, pen, 'n Orosbotteltjie met water. Teen die muur bokant die bed 'n troufoto van haar en haar oorlede man. Op die spieëlkas foto's van haar kinders en kleinkinders in Kanada. Ook een waar sy saam met die sanger Manuel Escorcio staan. 'n Lewe.

'n Kamer in 'n ouetehuis vertel 'n klomp stories. 'n Riempiestoel uit die

Boereoorlog se tyd in die hoek. 'n Gehekelde Onse Vader teen die muur. Op 'n vensterbank 'n bottel wat op 'n Fanie Smit-toer deur die Heilige Land in die Jordaanrivier vol water gemaak is. Jy sien min nuwe goed daar, byna als is oud en vol herinneringe vir die een wie s'n dit is.

Daar is iets mooi aan so 'n kamer in 'n ouetehuis. Jou beste jare is verby, jy het dinge beleef, vreugde, hartseer, sukses, mislukkings, jy het ver paaie gereis, en hier is jy nou in jou laaste vesting, gestroop van alle waan. Dit wat jy bymekaar gemaak het, dit wat regtig saakmaak, is onsigbaar.

Miskien is dit 'n morbiede gewoonte, maar ek lees elke dag die doodsberigtes in die koerant. In die laaste ruk, nou dat die virus se tweede golf die land getref het, is daar meer sulke berigte as

gewoonlik. Ek kyk na die fototjies daarby en wonder soms hoe die kamer gelyk het waarin hierdie een of daardie een dood is.

Die meeste mense sterf in 'n kamer op 'n bed. Soms in 'n hospitaal.

Op die kassie langs oorlede Ma se laaste hospitaalbed het 'n halfgedrinkte blikkie Sprite gestaan, een wat ek skaars 'n uur voor haar dood by die kafee vir haar gaan koop het. Dit was 'n warm dag en sy was lus vir iets koud om te drink.

Soveel van dié wat nou in die hospitaal is met die virus se geliefdes word nie by hulle toegelaat nie. Wat sou op van hulle se bedkassies in die hospitaal wees? 'n Bybel en 'n rangskikking effens verdroogde krisante? Valstande in 'n glas Steradent? 'n Angus Buchan-boek? 'n Oorryp piesang?

Dit het nie goed gegaan met Van Gogh toe hy daardie skildery van sy kamer in 1888 geskilder het nie. Hy kon nie sy skilderye verkoop kry nie en hy was verlief op 'n vrou wat hom nie wou hê nie. Hy was brandarm, depressief en het te veel gedrink.

Sy pa was 'n predikant in die Nederlandse Gereformeerde Kerk en hy wat Vincent is het vir 'n ruk sendingwerk in België gedoen.

'n Mens wonder of hy ooit by daardie bed op die skildery gekniel en gebid het.

Om lank na daardie skildery te kyk, voel vir my 'n bietjie soos om te bid en te vra vir die gawe om niks menslik rondom jou mis te kyk nie.



Ons bestuur jou geld met meer as 150 jaar se gesamentlike kundigheid, ervaring en vaardigheid.
Presies soos ons eie.

www.krugerinternasional.co.za 011 726 7700 admin@krugerinternasional.co.za

PRETORIA | MOSSELBAAI | JOHANNESBURG | SOMERSET-WES | PORT ELIZABETH | GEORGE